



2014

GEÏNTEGREERDE VERSLAG



OP PAD NA
2020





Senwes





OP PAD NA 2020

Inhoudsopgawe

Inleiding en Bestek van die Verslag	2
Finansiële Hoogtepunte	4
Groeoprofiel	5
Groepstruktuur en Bedryfsoorsig	10
Voorsittersverslag	16
Ontmoet die Direksie	18
Verkorte Korporatiewe Beheerverslag	22
Verslag van die Besturende Direkteur	26
Volhoubaarheidsbestuur	32
Finansiële Oorsig	44



Terug- →kildblik.

INLEIDING EN BESTEK VAN DIE VERSLAG

Die finansiële jaar het op 'n hoë noot begin vir die Senwes Groep met die daarstelling van 'n gesamentlike onderneming tussen die toonaangewende landboukleinhandelsbesighede van Senwes Village en AFGRI Town&Country, nou bekend as Hinterland. Hierdie gesamentlike onderneming plaas ons in 'n gunstige posisie deurdat dit ons in staat stel om 'n groter markaandeel te verkry en ons geografiese voetspoor uit te brei. Die Senwes Groep het ook sy versekeringsbesighede herposisioneer onder 'n nuwe handelsmerk, Certisure. Hierdie gesamentlike onderneming met NWK ondersteun die strategie vir toekomstige groei wat nie geografiese beperk is nie en sal tot voordeel van beide ons klante en produsente wees. Verskeie ander veranderinge en verbeteringe in die Senwes Groepstruktuur reflekteer die Maatskappy se vordering ten opsigte van die doelwitte wat vir 2020 gestel is.

Die titel van die verslag, **Op pad na 2020**, impliseer dat wat ons gedurende die afgelope jaar gedaan het en beplan om in die toekoms te doen, strategies belyn is met die visie van die Maatskappy. Senwes is trots op sy proaktiewe benadering tot bestuur, die aangryp van geleenthede en die feit dat Senwes 'n toonaangewer is onder landboubesighede.

As Groep strewe ons na gebalanceerde en verantwoordelike verslagdoening aan ons belanghebbendes, wat 'n oorsig gee oor die bestuur, strategie en finansiële aanwysers. Hierdie verslag verskaf inligting aan bestaande en toekomstige vennote en belanghebbendes wat hulle in staat sal stel om ingeligte besluite te neem in hul besigheidsonderhandelinge met die Senwes Groep.

Ten einde 'n omvangryke oorsig oor ons besigheid aan ons belanghebbendes te gee, moet hierdie geïntegreerde verslag saamgelees word met die 2014 omvattende volhoubaarheids- en korporatiewe beheerverslag en die finansiële jaarstate, wat beskikbaar is op ons webwerf www.senwes.co.za. Hierdie geïntegreerde verslag is die enigste verslag in gedrukte formaat en ons primêre verslagdoeningsvoertuig. Dit behoort saamgelees te word met bogenoemde drie ondersteunende verslae.

Hierdie verslag stel toekomstige vennote in kennis van belangrike sake en stel belanghebbendes in staat om 'n ingeligte oordeel te fel oor die Senwes Groep se voortgaande vermoë om waarde te skep en te handhaaf. Die verslag dek Senwes Beperk en sy primêre bedryfsafdelings (Senwes Credit, Senwes Grainlink en Senwes Village), sowel as die gesamentlike ondernemings, geassosieerde en filiale waarin Senwes beheer, gesamentlike beheer of beduidende invloed oor die bedryfsbeleide en -praktyke van sodanige instansies uitoeft.

Die verslag fokus op gebeure gedurende die jaar geëindig 30 April 2014 en maak toepaslike vergelykings met vorige periodes.

“ Die finansiële jaar het op 'n hoë noot begin vir die Senwes Groep met die daarstelling van 'n gesamentlike onderneming tussen die toonaangewende landboukleinhandelsbesighede van Senwes Village en AFGRI Town & Country, nou bekend as Hinterland. ”

Verslagdoeningsbeginsels

Die inligting wat in die verslag verskaf word, voldoen aan Internasionale Verslagdoeningstandaarde, die Suid-Afrikaanse Maatskappywet Nr. 71 van 2008 (soos gewysig), King III Beheerbeginsels, die Handel- en Nywerheidsdepartement se Bedryfskodes vir Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging en die Global Reporting Initiative se G3-riglyne vir volhoubare verslagdoening, soos toepaslik.

Die rekeningkundige beleid wat gedurende die jaar deur die Groep aanvaar is, is in ooreenstemming met die beleid wat gevolg is in die voorbereiding van die Groep se finansiële jaarstate van die voorafgaande finansiële jaar.

Alle inligting in die verslag is nie onderwerp aan 'n onafhanklike audit of oorsig nie en die samestelling daarvan is gebaseer op interne rekords en publieke inligting, onder toesig van CF Kruger, GR (SA), Finansiële Direkteur.


Ernst & Young Ingelyf het 'n onafhanklike audit van die Groep se finansiële jaarstate uitgevoer.



Danie Minnaar
Voorsitter



Francois Strydom
Besturende Direkteur



Corné Kruger
Finansiële Direkteur

Klerksdorp
27 Junie 2014




Finansiële

Hoogtepunte

Finansiële prestasie

2014 2013

Interpretasie




Beleggerswaarde

2014 2013



Risikoprofiel

2014 2013



Groepprofiel

2020 Strategiese Visie

Ons visie is om 'n landboumaatskappy, geadmireer deur al sy belanghebbendes, te wees.

Ons by Senwes strewe daarna om die belegging, werkgewer, verskaffer, vennoot en burger van voorkeur te wees. Ons word gedryf deur die behoefte om te groei en om risiko te verlaag. In die proses om 'n geïntegreerde leier in ons veld te wees, is ons strategie gerig op diversifikasie regdeur die waardeketting en verwante besighede wat krities is tot die sukses van ons kernbesigheid.

Visie

Om 'n geadmireerde agri-besigheid te wees deur voort te bou op ons doelstellings en ons ononderhandelbare toewyding tot etiese waardes.

Strategiese doelwit

Ons wil nie slegs 'n volhoubare, geadmireerde maatskappy wees wat die pas aangee in die bedryf nie, maar ons wil ook 'n leidende rol speel in die daarstelling en handhawing van voedselsekuriteit in ons land en die res van Afrika.

Waardes:

- | | |
|---|---|
| ■ Integriteit | ■ Lojaliteit |
| ■ Besigheidsoriëntasie | ■ Self-motivering |
| ■ Innovasie | ■ Aanspreeklikheid |

30 April 2014:



Op pad na 2020

Ons poog om voortdurend nuwe grond te breek. Met ons onlangse strategiese samesmeltings het ons voetspoor vergroot, wat weer meer waarde vir ons klante skep. Senwes is vinnig besig om te ontwikkel in 'n nasionale mededinger.

Van ons winkels tot op die plaas en terug na ons silo's, is ons 'n eenstoplandboubesigheid wat aan die boer se veelvuldige behoeftes voldoen. Van insetprodukte, kapitaalgoedere, financiering, versekering, tegniese advies tot logistieke dienste, voeg ons waarde toe.

Ons vorm gesamentlike ondernemings en het geografiese grense afgebreek. Met bestaande internasionale besigheidsvennote bring ons alreeds die voorste tegnologie en produkte binne die bereik van ons markte teen mededingende pryse. Na 105 jaar in die besigheid sal Senwes voortgaan om te verbeter op suksesse van die verlede, maar sal hy steeds op geleenthede in die toekoms fokus.

Ons visie is om 'n geadmireerde landboubesigheid te wees, wat ons doen deur goeie kernwaardes soos integriteit, innovasie, lojaliteit, self-motivering, aanspreeklikheid en besigheidsoriëntasie toe te pas. Ons gesonde waardesisteme verseker 'n stiewige platform vir al ons beleggers en rolspelers om nie net finansiële voordeel daaruit te trek nie, maar ook om volhoubare voedselsekuriteit in Suid-Afrika en Afrika te verseker.



Senwes in perspektief

Ons silo's

Ons berg amper 30% van die land se graan en beskik oor die kapasiteit om ongeveer 4,6 miljoen ton graan te berg, wat beteken dat Senwes 'n industrieleier is.

Venootskappe met sleutelverskaffers

Ten einde die beste eenstoplandboudienste te lewer en onnodige koste in die waardeketting te verlaag, het ons venootskappe aangegaan met ander kundiges binne die bedryf. Dit sal ons in staat stel om onsself te posisioneer as die voorkeurverskaffer van goedere en dienste.

Uitstekende klanteverhoudinge

Mense word beskou as Senwes se mees waardevolle hulpbron en ons ondersoek deurlopend geleenthede om meer effektief met ons belanghebbendes te skakel. Ons verskaffers, produsente en klante trek voordeel uit ons menslike kapitaal, logistieke oplossings, infrastruktuur en kapitaal.

Kundigheid in landbou

Senwes verseker dat hy die beste talent, vaardigheid, ondervinding en bevoegdheid verkry om te verseker dat die Maatskappy 'n leier op die gebied van dienslewering, professionalisme en kundigheid is. Deur interne verhoudinge te bou, studiegeleenthede te bied en markverwante insettiefeskemas, maak ons seker dat personeel eienaarskap van die Maatskappy aanvaar. As bedryfsleiers werf ons personeel wat verbind is tot die finansiële, sosiale en omgewingsdoelwitte van die Groep.



Strategiese fokus:

Deur alle rolspelers ingelig te hou van die strategiese voornemens, fokus Senwes op landbou- en verwante bedrywe wat die behaling van die 2020-visie sal verseker.

Uitkoms

- Deulopende, gesonde opbrengs op kapitaal
- Bo-gemiddelde dividendopbrengs
- Sterk genereerde van kontant met 'n gebalanseerde ratverhouding
- 'n Gebalanseerde klantebasis, wat ondersteun word deur uitgebreide markaandeel
- 'n Landboumaatskappy met 'n visie, strategies gerat vir groei.

Geografiese voetspoor

Senwes het oor die afgelope 105 jaar 'n trotse geskiedenis van diens aan die landbousektor gebou, met sy voete stewig geplant in Klerksdorp in die Noordwes provinsie van Suid-Afrika.

Samestelling

Die Groep se werksmag bestaan uit 2 877 permanente werknemers, wat 'n bydrae gelewer het tot die Groep se vermoë om 'n netto wins van R251 miljoen te genereer. Die huidige batebasis van die Senwes Groep beloop R4,1 miljard en sy markkapitalisasie beloop R1,8 miljard. Senwes is 'n publieke maatskappy en sy aandele verhandel op 'n oordie-toonbank (OTC) platform.

Senwes is verbind tot transformasie in terme van Swart Ekonomiese Bemagtiging en is 'n vlak 8 bydraer. Ons is deeglik bewus daarvan dat daar ruimte vir verbetering is en bly verbind tot die verbetering van hierdie saak.

Ons glo dat slegs vennootskappe met sleutelrolspelers ons kan help om volhoubare landbou in Suid-Afrika en die res van Afrika te verseker. Hierdie beleid verminder risiko en ontsluit geleenthede wat volhoubare waarde vir alle belanghebbendes sal skep.




“ Ons glo dat slegs vennootskappe met sleutelrolspelers ons kan help om volhoubare landbou in Suid-Afrika en die res van Afrika te verseker. ”




'n Geïntegreerde besigheidsmodel

Die Senwes Groep het 'n geïntegreerde besigheidsmodel wat sy kerndoelstelling, naamlik om 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot voedselsekuriteit in Suid-Afrika en verder weg, op 'n volhoubare wyse te faciliteer.



Produk- en diensaanbod

Senwes word ondersteun deur drie besigheidspilare – Insetverskaffing, Finansiële en Tegniese Dienste en Marktoegangsdienste.



Groepstruktuur en Bedryfsoorsig

SENWES FINANSIELE DIENSTE

STRUKTUUR

Senwes Credit (B)

- Vir die produsente: Maandrekeninge, spesiale rekeninging en produksiekrediet word bestuur vanuit hoofkantoor.
- Vir die afnemer: Meuldeur- en afnemerfinansiering word hanteer vanuit hoofkantoor.
- 'n Batefinansieringsvennoot staan ons by met verbande en huurkoopfinansiering.

Landbou- en Tegniese Dienste (B)

- Vyf kantore wat landbou- en tegniese advies verskaf.

Certisure Groep (GO)(50%)

- Lewens- en korttermynversekering, kredietlewensversekering, oesversekering, korporatiewe versekering en makelaarsdienste.

Ons handelsmerke en besigheid

- Finansiering van landbou-insetprodukte.
- Finansiering van roerende en vaste bates vir boerderydoeleindes.
- Finansiering van bemarkte graan deur 'n wye verskeidenheid produkte.
- Lewering van landbou- en tegniese dienste.
- Verskaffing van doelgemaakte versekeringsprodukte aan produsente, kliënte en die algemene publiek.
- Verskaffing van makelaars- en administratiewe dienste.

“ Ons is toegewyd tot al ons werknemers, die gemeenskappe waarin ons besigheid bedryf en tot die volhoubare ontwikkeling van ons land en al sy mense. ”



HANDELSMERKE





Positionering

- Die skep van finansieringskakels tussen die landbouprodusent en ander bedryfsaktiwiteite van Senwes.
- Die skep van finansieringskakels tussen die graanafnemer en Senwes Grainlink, Tradevantage en Bunge Senwes.
- Die produsent ontvang goeie advies met betrekking tot produksiepraktyke en alle insetbeplanning.




Strategiese doelwitte

- Effektiewe en doelgemaakte finansieringsprodukte is beskikbaar, wat die produsent en graanafnemer in staat stel om hul besighede op 'n volhoubare wyse te bestuur, tot voordeel van alle belanghebbendes.
- Verskaffing van waardetoegevoegde versekeringsprodukte en -dienste aan die kernaktiwiteite van Senwes en die ondersteuning van die besigheid op verskeie vlakke.

Geografiese voetspoor

- Certisure
- Senwes Credit



Interpretasie:

- (B) = Bedryfsafdeling
- (F) = Filiaal
- (G) = Geassosieerde
- (GO) = Gesamentlike Onderneming

HINTERLAND SA (EDMS) BPK

(GO)(50%)


Gedurende die jaar onder oorsig het Senwes 'n transaksie gesluit met AFGRI, in terme waarvan die twee landboudienstemaatskappye hul kleinhandelsbesighede en Prodist, die AFGRI groothandelsfiliaal, saamgevoeg het om 'n nuwe gesamentlike onderneming te vorm waarin die partye elk 'n 50% belang hou.

Die gesamentlike onderneming sluit die meganisasiebesigheid, naamlik die John Deere agentskappe, uit.

STRUKTUUR

Kleinhandelwinkels

- 60 kleinhandelwinkels.
- Dieregesondheid, besproeiing, DIY, staal en omheining, vervoer, tuinbou, wapens en ammunisie, buitelewe.
- 7 brandstofstasies.
- 5 geriewinkel by brandstofstasies.
- 1 supermarket.



HANDELSMERKE



Insetverskaffing

- **Direkte produkte**
Saad, kunsmis, brandstof, plaagmiddels.
- **Prodist (Hinterland)(F)(75%).**
Groothandelsverspreider van landbou-insette, hardware, algemene gebruiksgoedere en besproeiing.

Besigheid

- Verskaffing van insetmidelle aan die landbou produsent.
- Verskaffing van 'n verskeidenheid hardware en geriewsprodukte aan die algemene publiek.

Posisionering

- Ontplooiing van infrastruktuur, bemarkingstrukture en produk-reekse ten einde die klant te diens ten opsigte van die verskaffing van produksie-insette.

Strategiese doelwit

- Om die rol van voorkeurverskaffer aan landbouprodusente ten opsigte van al hul insetbehoeftes met uitnemendheid te vervul.

Geografiese voetspoor

- Hinterland
- Prodist en Farm City

Interpretasie:

- (B) = Bedryfsafdeling
- (F) = Filiaal
- (G) = Geassosieerde
- (GO) = Gesamentlike Onderneming

SENWES VILLAGE

STRUKTUUR

Meganisasie (B)

- John Deere Agentskap**
Heelgoedere en onderdele vanuit 25 takke.
14 meganisasiewerkswinkels en presisieboerdery.
- JD Implemente (Edms) Bpk (GO)(50%)**
50% vennootskap in 'n John Deere agentskap in die Oos-Kaap – vanuit 5 besigheidseenhede.
- Grasland Ondernemings (Edms) Bpk (GO)(50%)**
Landboukalkmyn in die Noordwes provinsie.
- Oos-Transvaal Kalkverskaffers (Edms) Bpk (S)(99%)**

Besigheid


- Verskaffing van meganisasie- en instandhoudingsdienste wat verband hou met landboutoerusting, aan die landbouprodusent.

Posisionering

- Infrastruktuur, bemarkingstrukture en produkreeks is strategies geposisioneer ten einde aan die klant se meganisasiebehoeftes te voldoen.

Strategiese doelwit

- Om die verskaffer van keuse van alle meganisasiebehoeftes aan die landbouprodusent te wees.



Geografiese voetspoor

- Meganisasie Werkswinkels
- Heelwerktuie en Onderdele
- JD Implemente (Edms) Bpk
- Grasland Ondernemings (Edms) Bpk

HANDELSMERKE



STRUKTUUR

Silobedryf (B)

- 68 graansiloskomplekse
- 3 deursetstrukture
- Silo Certs (Edms) Bpk (G)(42.5%)
- Graan Silo Industrie (Edms) Bpk (G)(26%)

Graanverkryging (B)

- 22 graanverkrygingskantore

Logistiek: Grainovation (Edms) Bpk (GO)(50%)

- Eienaar van 25 vloottoepassings
- Makelaarsdienste

Graanverhandeling (B)

- 2 verhandelingskantore
- 3 makelaars
- Tradevantage Grain (Edms) Bpk (F)(73.5%)
- Senwes Graanmakelaars (Edms) Bpk (F)(100%)
- Bunge Senwes (Edms) Bpk (GO)(50%)
- Senwes Mauritius Bpk (F)(100%)
- Bunge Senwes International Bpk (GO)(50%), die houermaatskappy van –
 - Senwes Grainlink Zambia Bpk (100%)
 - Senwes Grainlink de Mocambique LDA (75%)
 - Senwes Grainlink East Africa Bpk (Kenia) (100%)
 - Senwes Bpk Malawi (100%)

Besigheid

- Verleen bystand met marktoegang vir die graanprodusent
- Verkryging en verhandeling van graan.
- Graanhantering en -opbergung.
- Logistieke dienste vir die verkryging en verspreiding van graan.
- Bemarking regdeur die wêreld.


Bydrae tot
normale
bedryfswins
32,7%

Geografiese voetspoor

- Hantering en Opbergung
- Internasionale Verhandelingskantoor
- Verkrygingskantore
- ESC (Edms) Bpk

Interpretasie:

- (B) = Bedryfsafdeling
- (F) = Filial
- (G) = Geassosieerde
- (GO) = Gesamentlike Onderneming






Positionering

- Logistiek, hantering, opberging, verkryging, verskansing en bemarking – geposioneer tussen die plaashek en die graanafnemer.

Strategiese doelwit

- 'n Geïntegreerde oplossing vir die produsent en graanafnemer ten einde marktoegang en prysoplossings te verbeter.

HANDELSMERKE



Voorsittersverslag

Geagte Belanghebbende

Dit is vir my 'n voorreg om vir die eerste keer as Voorsitter van Senwes terug te rapporteer oor die prestasie van die Senwes Groep vir die jaar geëindig 30 April 2014.

U sal in hierdie geïntegreerde verslag terugvoering ontvang met betrekking tot die 2014 finansiële jaar se prestasie, die strategiese vordering en posisionering van die Groep, die uitdagings van die omgewing waarbinne sake bedryf word, maar veral ook insigte oor die volhoubaarheid en oorlewingsvermoë van die Groep oor 'n langer termyn.

Makro-omgewing

Die handelsomgewing was hierdie jaar by uitstek die moeilikste in die afgelope 8 jaar. 'n Tweede opeenvolgende droogtejaar, tesame met moeilike makro-ekonomiese elemente, het landbouers binne die Senwes gebied nadelig beïnvloed. Laer graanvolumes is gevoldlik deur die silonetwerk van Senwes hanteer en die produsent se spanderingspatroon ten opsigte van kapitaalgoedere en insetmiddele is teruggesny en uitgestel na volgende seisoene. Mededinging in die krimpende markplek was fel en Senwes het bewus geraak van heelwat plaaslike en internasionale maatskappye wie se modelle ten alle koste markaandeel probeer beskerm en nagejaag het. Heelwat irrasionele situasies het voorgekom en die mark kon nie hiervan ontsnap nie.

Op pad na 2020

Senwes is omvorm na 'n strategies gedrewe maatskappy en bly hierop fokus ongeag die korttermynuitdagings van die markplek. Ons samewerkingsinisiatiewe is op koers en met die groter basis, sowel as goeie vennote, sal dit die volhoubaarheid van die Groep oor die langer termyn verhoog.

Hinterland, die samevoeging van die kleinhandelsbesighede van AFGRI en Senwes, met sy wyd verspreide batebasis en sterk markposisie, verseker 'n goeie basis van waar waarde ontsluit kan word. Die besigheid sal nou fokus op integrasie en optimalisering van die sakemodel.



Danie Minnaar

“ Senwes poog om sy betrokkenheid in die gemeenskap te handhaaf ongeag swakker sikelusse en glo aan langtermyn en volhoubare sosiale ontwikkelingsprojekte. ”



Die vorming van venootskappe lewer uitstekende resultate en die versekeringsbesigheid, Certisure ('n venootskap met NWK) sowel as die John Deere meganisasievennootskap in die Oos-Kaap (JDI) verdien spesiale vermelding nadat nuwe rekordresultate die afgelope jaar behaal is. Die Besturende Direkteursverslag sal die strategiese ontplooiing van die Groep in meer detail hanteer.

Die vermoë om sage kommoditeite in en uit te voer word toenemend belangrik en is noodsaaklik vir die volhoubaarheid van die SA produsent. Groter belyning met 'n venoot wat oor hierdie vermoë beskik was deel van Senwes se beplanning en 'n samewerkingsooreenkoms met Bunge, 'n internasionale verhandelaar in sage kommoditeite, het die kapasiteit gevestig ten einde 'n groter markaandeel in die koring- en geelmieliemark oor die afgelope twee seisoene te verkry.

Grindrod Trading het gedurende die jaar 'n 20% belang in Senwes bekom en nouer samewerking word in die vooruitsig gestel. Grindrod beskik oor die infrastruktuur en batebasis wat hom 'n bewese rolspeler in die sagtekommoditeitswaardeketting maak.

Na jaareinde het Senwes ook kennis geneem dat sy houermaatskappy, Senwesbel, 'n transaksie met NWK Beherend gesluit het. Dit bou 'n groter beleggings- en beheerplatform, sowel as die vermoë om nuwe groeigeleenthede gesamentlik aan te pak. Die fokus sal nou wees om goedkeuring te kry vir die transaksie deur beide Groepe se aandeelhouers, sowel as instemming deur die betrokke regulerende liggame.

Resultate

Die Groep se genormaliseerde wesensverdienste het met 35,1% gedaal na 99,0 sent per aandeel, hoofsaaklik weens die droogte. Die verdienste per aandeel is ook 14,8% laer teen 143,9 sent per aandeel. Senwes het gedurende die finansiële jaar besluit om sy Afrikabedrywighede te herstruktureer. Die wins van R129 miljoen na belasting uit die gesamentlike besighede van Senwes en AFGRI het vergoed vir 'n moeilike bedryfsjaar en verskaf die nodige momentum vir 'n jaar met beter vooruitsigte.

Toekomsvoortsigte

'n Terugkeer na volhoubare groei word verwag. Na twee droogtejare sien ons uit na 'n meer genormaliseerde siklus en goeie vooruitsigte vir die 2014/15 finansiële jaar. Die Nasionale Oesskattingskomitee voorspel 'n verhoging in verwagte opbrengste per hektaar vir die meeste kommoditeite

en Senwes sal poog om sy lae graanvoorraadvlake terug te bou en die impak wat dié situasie meegebring het, te versag. Voorts voorspel 'n goeie volumejaar ook 'n beter insetjaar en verhoogde sakevertroue behoort spanderig aan produksie-insetmiddele en kapitaalgoedere te stimuleer.

Sosiale verantwoordelikheid en volhoubare ontwikkeling

Dit vereis 'n spesifieke vaardigheid van beide die produsent en besighede in landbou om droogtesiklusse die hoof te bied en om ná sodanige insidente so vinnig moontlik vanaf die vorige vlakte voort te bou. Senwes poog om sy betrokkenheid in die gemeenskap te handhaaf, ongeag swakker siklusse en glo aan langtermyn- en volhoubare sosiale ontwikkelingsprojekte. Personeel se opleidingsbegrotings word ook grootliks gehandhaaf ten einde die nodige diepte en vaardigheidsontwikkeling van die talent en leiers van mōre te verseker.

Bestuurspan en die Senwes waardesisteem

Die waardesisteem van die organisasie is meer sigbaar in moeiliker tye en Francois Strydom en sy span het leierskap gedemonstreer in 'n jaar waar dit meer gereeld vereis was. Die 2014 finansiële jaar was voorwaar 'n jaar waarin karakter gebou was!

Bedankings

Die Raad bedank elke belanghebbende wat die Senwes Groep 'n voortgesette suksesmaatskappy maak. Ons erken graag die rol van personeel; verskaffers; klante; besigheidsvennote en die regering in die bou van 'n volhoubare landboudienstegroep.

Ek is veral dankbaar vir die insette en wysheid van my mederaadslede en Ondervoorsitter. Die Maatskappy is voorwaar geseënd en daarvoor dra ek al die eer aan my Hemelse Vader op.

Danie Minnaar

VOORSITTER: SENWES BEPERK

Klerksdorp 27 Junie 2014

Ontmoet die Direksie



JDM (Danie) Minnaar

Voorsitter

Direkteur sedert September 1999

Kwalifikasies: B.Com

Lidmaatskap van direksiekomitees: Nominasie (Voorsitter), Belegging

Ex officio-lid van alle direksiekomitees

Ander belangrike direkteurskappe: Senwesbel Bpk

Gedien as 'n Trustee van die Mielie Trust en het verskeie internasionale kursusse bygewoon by Harvard en Stanford.

Mnr Minnaar boer sedert 1988 in die Kroonstad-distrik en is vir baie jare reeds deel van die landbousektor. Hy is 'n voormalige voorsitter van die Vrystaat Landbou-unie Jongboerkomitee en was ook betrokke by die implementering en bevordering van graanbemarking op Safex.



F (Francois) Strydom

Besturende Direkteur


Aangestel in 2010

Kwalifikasies: B.Sc Agric (Hons)(Veekunde)

Lidmaatskap van direksiekomitees: Risiko

Ander belangrike direkteurskappe: Noordwes-Universiteit en Agbiz (Landbou Besigheids Kamer) en direkteur van verskeie maatskappye in die Senwes Groep en ander verwante besighede.

Mnr Strydom is op 6 Augustus 2010 in dié posisie aangestel. Voor dit het hy die pos van Direkteur: Bedryf sedert 2002 beklee. Hy het in 2001 by Senwes aangesluit en is as Besturende Direkteur gesekondeer na die voormalige Kolosus Beherd. Hy het sy loopbaan begin as Veekundige by AFGRI en is bevorder tot die pos van Direkteur: Graan by AFGRI oor 'n periode van 13 jaar.





SF (Steve) Booysen



Onafhanklike Ondervoorsitter

Direkteur sedert Oktober 2010

Kwalifikasies: B.Com (Rek), GR (SA), PhD Handel

Lidmaatskap van direksiekomitees: Oudit (Voorsitter), Belegging (Voorsitter), Nominasie en Vergoeding

Ander belangrike direkteurskappe: Efficient Groep Bpk, Steinhoff Bpk, Clover Bpk SA, Vukile Properties Bpk, Songhai Capital (Edms) Bpk.

Dr Booysen was die Hoof Uitvoerende Beampte van Absa Bpk vir baie jare en is nou betrokke in die finansiële sektor. Hy het 'n passie vir kulturele aktiwiteite en is die Voorsitter van die Aardklop Kunstefees.



ZBM (Zarina) Bassa

Direkteur sedert Junie 2011

Kwalifikasies: B.Com (Rek), Hoër Diploma (Rekeningkunde), GR (SA)

Lidmaatskap van direksiekomitees: Oudit en Vergoeding

Ander belangrike direkteurskappe: Finansiële Dienste Raad, Vodacom Bpk, Yebo Yethu Bpk, Kumba Iron Ore Bpk, Lewis Groep Bpk, Sun International Bpk, Woolworths Financial Services Bpk, Oceana Bpk, Universiteit van Stellenbosch Besigheidskool.

Me Bassa het uitgebreide ervaring as vorige Uitvoerende Direkteur van Absa en vennoot by Ernst & Young Ingelyf. Sy is tans die Uitvoerende Voorsitter van Songhai Capital, 'n beleggingsmaatskappy met swart meerderheidseienaarskap en -beheer.



JBH (James) Botha

Direkteur sedert Oktober 2009

Kwalifikasies: BLC.LLB en HDip (Belasting)

Lidmaatskap van direksiekomitees: Oudit, Sosiale en Etiese (Voorsitter) en Vergoeding.

Mnr Botha het as kommersiële en korporatiewe prokureur gepraktiseer vir 15 jaar voordat hy die korporatiewe wêreld betree het. Hy is tans 'n seniorregsadviseur by die Noordwes-Universiteit se Institusionele Kantoor.



AJ (Dries) Kruger

Direkteur sedert Oktober 2007

Kwalifikasies: B.Compt (Hons), GR (SA)

Lidmaatskap van direksiekomitees: Sosiale en Etiese, Oudit, Belegging en Nominasie

Ander belangrike direkteurskappe: Voorsitter van Senwesbel Bpk.

Mnr Kruger is 'n geregistreerde ouditeur en rekenmeester, wat sedert 1976 in Kroonstad gepraktiseer. Hy boer sedert 2005 op 'n deeltydse basis saam met sy seun in die Senekal-distrik. Hy het as raadslid en as burgemeester van die Stadsraad van Kroonstad gedien en was ook 'n trustee van die Vrystaat Municipale Pensioenfonds. Hy is ook 'n trustee van die pensioenfonds van die Gereformeerde Kerke van SA.

CF (Corné) Kruger



Finansiële Direkteur



Aangestel in 2010

Kwalifikasies: B.Com (Hons), GR (SA)

Lidmaatskap van direksiekomitees: Risiko

Ander belangrike direkteurskappe: Direkteur van verskeie maatskappye in die Senwes Groep en ander verwante besighede.

Mnr Kruger is as Finansiële Direkteur aangestel op 26 Augustus 2010. Hy het in 1999 aangesluit by Senwes en verskeie posisies beklee alvorens hy aangestel is as Finansiële Direkteur. Hy het sy loopbaan by PWC as ouditeur begin.

NDP (Nico) Liebenberg



Direkteur sedert Augustus 2008

Kwalifikasies: B.Com (Hons), M. Volhoubare Landbou

Lidmaatskap van direksiekomitees: Risiko (Voorsitter), Vergoeding (Voorsitter) en Oudit

Ander belangrike direkteurskappe: Senwesbel Bpk.

Mnr Liebenberg boer sedert 1991 in die Bothaville-distrik. Hy het 'n gediver-sifiseerde boerdery gevestig en is, onder andere, een van die verskaffers van groente aan 'n bekende kleinhandelsgroep.

KI (Khutso) Mampeule



Direkteur sedert Junie 2013

Kwalifikasies: BA (Bedryfsielkunde), MSc, MBA

Lidmaatskap van direksiekomitees: Risiko

Ander belangrike direkteurskappe: Lefa Group Holdings (Edms) Bpk, Comair Bpk, Mampeule Property Investments (Edms) Bpk, Instituut van Direkteure van Suidelike Afrika, Truworths Internasional Bpk, KWV Beherend Bpk.

Mnr Mampeule hou verskeie uitvoerende en nie-uitvoerende direkteurskappe in die lugvaartsektor. Hy is 'n voormalige Voorsitter van Capevin Bpk en was Groep Uitvoerende Beampete van die Poskantoor. Hy is tans die Uitvoerende Voorsitter van Lefa Groep Beherend, 'n beleggingshouer- en adviesdienstemaatskappy, gestig deur mnr Mampeule. Hy dien op verskeie direksies binne die Groep. Mnr Mampeule sal op die algemene jaarvergadering op 29 Augustus 2014 uittree en sal nie beskikbaar wees vir herverkiesing nie.

JJ (Jaco) Minnaar



Direkteur sedert Augustus 2011

Kwalifikasies: B.Ing (Landbou)

Lidmaatskap van direksiekomitees: Risiko en Vergoeding

Ander belangrike direkteurskappe: Senwesbel Bpk.

Mnr Minnaar is al sedert 2000 betrokke by verskeie georganiseerde landbou-bestuurstrukture, wat verskeie beleidskomitees van Agri SA insluit. Hy dien sedert 2004 op die Uitvoerende Komitee van Vrystaat Landbou en vir die afgelope vier jaar is hy ook deel van Graan Suid-Afrika se besturuspan. Hy is ook 'n lid van onderskeidelik die Ouditkomitee en die Uitvoerende Komitee van Graan Suid-Afrika.

R (Ruwayda) Redfearn



Direkteur sedert September 2013

Kwalifikasies: B.Com (Hons), GR (SA)

Lidmaatskap van direksiekomitees: Risiko

Ander belangrike direkteurskappe: Grindrod Trading Holdings (Edms) Bpk en ander maatskappye in die Grindrod Groep.

Me Redfearn is die Hoof Finansiële Beampte van Grindrod Trading sedert Oktober 2012. Sy was voorheen werkzaam by Deloitte as, onder andere, vennoot en besigheidseenheidleier en is na Deloitte in New York kantoor gesekondeer.

TF (Tom) van Rooyen



Direkteur sedert November 2013

Kwalifikasies: BSc. (Landbou), Hons. in Landbou-ekonomies

Lidmaatskap van direksiekomitees: Risiko

Ander belangrike direkteurskappe: Senwesbel Bpk

Mnr van Rooyen het uitgebreide boerderybelange op verskeie please in die Potchefstroom/Ventersdorp gebied vir die afgelope 22 jaar. Hy het ook sy boerderybelange uitgebrei na kommersiële en residensiële eiendom. Mnr van Rooyen was 'n finalis in die Graanprodusent van die Jaar-kompetisie in 2010.

WH (Thabo) van Zyl



Direkteur sedert Augustus 2012

Kwalifikasies: B.Sc Agric (Landbou-ekonomies)

Lidmaatskap van direksiekomitees: Risiko en Sosiale en Etiese

Ander belangrike direkteurskappe: Senwesbel Bpk.

Thabo verwerf sy BSc Agric-graad in Landbou-ekonomies aan die Universiteit van Pretoria in 1997. Hy het in 2001 saam met sy pa begin boer. Mnr Van Zyl dien op die direksie van Thuso Meule sedert 2001.

EM (Elmarie) Joynt

Maatskappysekretaris



Aangestel in 2002

Kwalifikasies: B.Com(Regte), LLB, FCIS, FCIBM, Prokureur en Notaris van die Hoër Hof

Ander belangrike direkteurskappe: Trustee van Kotulo Trust (Senwes BBSEB Trust), Maatskappysekretaris en Hoof Regadviseur van die Senwes Groep.

Me Joynt het haar loopbaan as ekonomist by die Registrateur van Koöperasies begin, waarna sy as kommersiële prokureur gepraktiseer het. Sy het ook die pos van groep maatskappysekretaris en regadviseur by verskeie ondernemings in die landbou- en finansiële sektore beklee, voordat sy in 2002 by Senwes aangesluit het. Sy is betrokke in die kommersiële, landbou- en regsektore vir die afgelope 21 jaar. Sy is die Senwes sleutelindividu (FAIS), nakomingsbeampte en is 'n lid van die Toelatingskomitee van die Instituut van Geoktrooieerde Maatskappysekretarisse en Administrateurs (ICSA).

Verkorte Korporatiewe Beheerverslag

KORPORATIEWE BEHEERSTRUKTURE EN -PRAKTYKE

Die Direksie word gerig deur korporatiewe beste praktyke soos vervat in die King verslag oor Korporatiewe Beheer (King III). Hierdie gesonde beginsels word deurlopend in ag geneem in alle besluitnemings- en implementeringsprosesse.

AANDEELHOUDING


Die aandeelhouerstruktuur het gedurende die jaar verander, wat tot 'n groot mate die samestelling van die Direksie bepaal. Die struktuur is soos hier langsaan uiteengesit:

Die volgende is van toepassing ten opsigte van beduidende korporatiewe beheer en beste bestuurspraktyke:

DIE DIREKSIE

Na kritiese evaluering van die Direksie se rol met betrekking tot die verskaffing van strategiese leiding aan die Senwes Groep gedurende die jaar, word bevestig dat die Direksie sal voortgaan om te fokus op die wesenlike aspekte wat die volhoubaarheid en groei van die Groep sal bevorder. Die 2020-visie bly 'n belangrike fokusarea vir die Direksie, binne die bestuurs- en risikobestuursraamwerke wat binne die daargestelde volhoubaarheidsplatforms vasgelê is.

SENWES BEPERK AANDEELHOUERSTUKTUUR



Die rol van die Direksie, sowel as die rol van ander belanghebbendes, insluitend die beheerstrukture van filiale en vennote in gesamentlike ondernemings, word gereeld in oënskou geneem op verskeie vlakke van beheer en verbintenis daartoe word telkens bevestig. Die funksies en rol van elkeen is duidelik gedefinieer en vervat in die Direksiehandves.

DIE DIREKTEURE

Die bestuur van die Groep volgens gesonde korporatiewe bestuurspraktyke is deurlopend van toepassing. Die Direksie bestaan uit 13 direkteure en alhoewel onafhanklike nie-uitvoerende direkteure nie in die meerderheid is nie, is hulle in 'n uitstekende posisie om die Groep te rig vir die toekoms. In dié verband voldoen ons nie tans aan die beginsel van meerderheidsonafhanklikheid nie, maar Senwesbel Beperk, die beherende aandeelhouer met 'n 51% belang in die Maatskappy, saam met Grindrod Trading Holdings, wat 'n 20% belang besit, is nie net gefokus op die volgehoue volhoubaarheid van die Groep waarbinne hulle moet deelneem aan 'n vrye wêreldmark-economie nie, maar ook op die langtermynbestaan van produsente in 'n hoogs mededingende bedryf.

Die aanstelling van sterk, onafhanklike nie-uitvoerende direkteure op die Direksie en die balans van 'n sterk bestuurspan, verseker dat geen individu onbehoorlike invloed op die onafhanklike besluitnemingsproses van die Direksie kan uitoefen nie.

Senwes Beheerraamwerk	
Rol van die Direksie	Raadsvergaderings
Direksiestruktuur	Raadsagenda
Rol van individuele Directeure	Raadsdokumentasie
Rol van die Direksie	Raadsnotules
Rol van die Besturende Directeur	Jaarlikse werksplan
	Komitees
Definiëring van Beheerstrukture	
Deurlopende verbetering	Belangrike direksiefunksies
Beskerming van direkteure	Formulering van strategie
Direksie-evaluasie	Prestasiemonitering
Direkteursvergoeding	Rapportering & kontroles
Direkteursontwikkeling	Wetgewende nakoming
Verkiesing en induksie van direkteure	Risikobestuur & definiëring van risiko-appyt
Verbetering van Direksieprosesse	
	IT
	Reservering van magte

Die volgende direkteure het gedurende die jaar by die Direksie aangesluit:

Name	Aanstellingsdatum
Mnr Khutso Mampeule	25 Junie 2013
Me Ruwayda Redfearn (alternatiewe direkteur Mnr Alan Olivier)	5 September 2013
Mnr Tom van Rooyen	29 November 2013

Direkteure word genomineer en verkies deur aandeelhouers en voorsiening is gemaak vir 'n deursigtige rotasieproses. Die prestatie van die Direksie, direkteure en strukture word jaarliks krities geëvalueer. 'n Formele evalueringsproses het weer in April 2014 afgeskop. Geskrewe mandate en magte is in plek gestel deur die Direksie, in terme waarvan sekere magte spesifiek vir die Direksie gereserveer is.

Die lede van die Direksie is ernstig oor die sake van die Groep en die bywoning van vergaderings is goed. Persoonlike belange van direkteure word gemonitor en gerapporteer. Formele verklaring van belang is 'n staande item op die agendas van die Senwes Direksie en gesamentlike ondernemingsmaatskappye.

Aandeelverhandeling word gedoen volgens 'n formele Gedragskode vir die Verhandeling van Aandele in die Groep. 'n Geslotte periode vir die verhandeling van aandele was van toepassing sedert Augustus 2013, hangende sekere strategiese transaksies en verwante sake.

Vergaderingsbywoning, persoonlike belang en aandeelverhandeling van direkteure word in die omvattende Korporatiewe Beheerverslag gerapporteer, wat beskikbaar is op Senwes se webblad.





DIE ROL EN FUNKSIE VAN DIE VOORSITTER

Die Voorsitter is 'n nie-uitvoerende direkteur wat jaarliks deur die Direksie aangewys word. Mngr Danie Minnaar is die Voorsitter en het die direksiekomitees bemagtig om die uitgebreide pligte van die Direksie te hanteer.

Die rolle van die Voorsitter en Besturende Direkteur is geskei. Die Voorsitter word ondersteun deur die Ondervoorsitter, mngr Steve Booysen, wat ook Voorsitter van die Oudit- en Beleggingskomitee is.

DIE ROL EN FUNKSIE VAN DIE BESTURENDE DIREKTEUR EN UITVOERENDE KOMITEE

Die Groep se daagliks beheer- en bestuursfunksies word deur die Besturende Direkteur hanteer.

Die pligte van die Besturende Direkteur is die uitvoering van die strategieë en beleide, soos goedgekeur deur die Direksie, die bestuur van die besigheid en die uitvoering van die instruksies van die Direksie. Die Besturende Direkteur word ondersteun deur 'n bestuurspan van 10 lede, wat die Uitvoerende Komitee vorm.

KOMITEES

Funksies en mandate

Die Direksie het verskeie komitees aangewys wat effektiewe besluitneming faciliteer en die direksie bystaan in die uitvoering van sy pligte en magte. Die komitees funksioneer op 'n deursigtige wyse en rapporteer gereeld aan die Direksie. Die magte en uitvoering van die verantwoordelikhede van elke komitee is vervat in formele, geskreve mandate wat jaarliks deur die Direksie goedgekeur word.

Huidige direksiekomitees is soos volg:

- Ouditkomitee;
- Vergoedingskomitee;
- Risikokomitee;
- Sosiale en Etiese Komitee;
- Nominasiekomitee; en
- Beleggingskomitee.

Die Voorsitters van hierdie komitees doen formeel verslag in terme van hul mandate en verseker behoorlike uitvoering van hul pligte.

MAATSKAPPYSEKRETARIS

Die Maatskappysekretaris staan die Direksie by in die nakoming van sy verantwoordelikhede en verpligte. Nuut aangestelde direkteure gaan deur 'n toepaslike induksieproses, aangebied deur die Maatskappysekretaris, wat verskeie elemente bevat.

Kragtens die bepalings van die Maatskappwyet, hou die Maatskappysekretaris toesig oor wetgewende nakoming regdeur die Groep. Toepaslike strukture is gevestig om nakoming van wetgewing te verseker.

Toegang tot inligting

Die Groep voldoen aan die Wet op Toegang tot Inligting, 2000 en 'n handleiding is op die Groep se webblad beskikbaar.

Lede het ook toegang tot die aandeleregister, notules van aandeelhouersvergaderings en inligting met betrekking tot verskeie Maatskappysake. Enige navrae kan aan die Maatskappysekretaris as Hoof Inligtingsbeampte gerig word.

“ Die Direksie word gerig deur korporatiewe beste praktyke soos vervat in die King verslag oor Korporatiewe Beheer (King III). ”



RISIKO- EN VOLHOUBAARHEIDS-ASPEKTE OP DIREKSIEVLAK

Die volhoubaarheid van die Groep oor die lang termyn bly die belangrikste aspek en die Direksie het derhalwe 'n langtermynsiening in dié verband. Die strategie bestaan uit vier pilare en word deurlopend gedaag. Die Direksie het ook met die uitrol van 'n "ná 2020"-strategie begin.

Ten einde volhoubaarheid en die voortbestaan van die Groep as lopende saak te verseker, werk die Direksie en Bestuur nou saam binne die grense van 'n gedissiplineerde en spesifieke interne beheeromgewing, IT-beheerraamwerk en nakomingsraamwerk.

Nakoming van wetgewing

Die Direksie aanvaar volle verantwoordelikheid vir die nakoming van alle toepaslike wetgewing en regulatoriese vereistes. Dit word gerapporteer via die interne Nakomingskomitee en daarna aan die Risikokomitee sowel as die Ouditkomitee. Gefokusde aandag word geskenk aan nakomingsaspekte regdeur die Maatskappy en 'n saamgestelde sekerheidsmodel is ontwikkel deur die Interne Oudit-, Risikobestuurs- en Nakomingsafdeling.

IT-beheer

Die Direksie verseker die aktiewe bestuur van die IT-beheerraamwerk deur 'n span IT-bestuurslede as integrale deel van die risikobestuursraamwerk wat, onder ander, aan die IT-Stuurkomitee rapporteer. Die strategie en prestasie van Senwes is blyn met en afhanklik van hierdie ten volle geïntegreerde strukture en stelsels. Uitgebreide besigheids- en IT-rampherselprosesse is gevvestig. Die eksterne ouditeure fokus jaarliks op die IT-omgewing as deel van die jaareindoudit.

Lopende saak

Alle feite en aannames word deur die Direksie op rekord geplaas ten einde te bepaal of die besigheid sal voortgaan as lopende saak in die nuwe finansiële jaar.

Beleggerverhoudings

Die verhandeling van Senwes aandele word elektronies gedoen, binne die raamwerk van toepaslike wetgewende bepalings. Senwes verskaf en hou 'n onafhanklike oor-die-toonbank-aandeelverhandelingsmeganisme (OTC-meganisme) in stand.

Die markprys van die Senwes aandeel word bepaal deur verhandeling op die OTC-meganisme, wat 'n gesonde prysbepalingsmeganisme verskaf.

Aandeelhouers het elektroniese toegang tot inligting met betrekking tot hul aandele en kan hulle stemreg op dié platform uitoefen.

AANDEELHOUERS-INLIGTING EN -SAKE

Soos voorheen aangedui het die aandeelhouerstruktuur gedurende die jaar verander en beide hoofaandeelhouersblokke is verbind tot die Groep met 'n langtermynbeleggersiensing met betrekking tot groei en die ontsluiting van sinergieë, terwyl hulle bystand verleen met konsolidasie in die landbousektor.

Aandeelhouersdagboek

Finansiële jaareinde	30 April 2014
Aankondiging van resultate in media	02 Julie 2014
Indiening van volmagte	27 Augustus 2014 teen 09:00
Algemene Jaarvergadering	29 Augustus 2014 om 09:00



Die omvattende Korporatiewe Beheerverslag en verdeling van aandeelhouers is beskikbaar op www.senwes.co.za.

Verslag van die Besturende Direkteur

STRATEGIESE, BEDRYFS- EN FINANSIËLE VERSLAG

Die finansiële jaar is gekenmerk deur moeilike produksietoestande, wat 'n direkte effek op die Maatskappy se klantebasis en gevolglik op die Senwes Groep gehad het. Die westelike gedeelte van die land (wat hoofsaaklik Senwes se klantebasis verteenwoordig), het vir die afgelope twee en 'n half jaar 'n afwaartse siklus weens droogte beleef, terwyl die oostelike gedeelte van die land gunstiger produksietoestande ervaar het.

Ten einde die risiko geassosieer met afwaartse sikklusse in landbou te verlaag, volg Senwes 'n diversifikasiestrategie, wat die konsentrasie van risiko verlaag. Hierdie strategiese doelwit is weereens suksesvol toegepas ten einde die lae produksieopbrengs, wat die Senwes silo's op hul laagstevlakke sedert die inwerkingtreding van die vrye mark gelaat het, teen te werk.

Internasionale tendense

Spesifieke internasionale makro-ekonomiese tendense vorm die agtergrond van Senwes se 2020-strategie. Die eerste tendens is dat die primêre produsent en die verbruiker, die twee punte van die waardeketting, nader aan mekaar beweeg. Een rede vir dié tendens is prys, maar kwaliteitaspakte soos voedselsekuriteit en -veiligeid en verkrygingsopsies speel ook 'n rol. Aangesien die produsent en verbruiker geografies van mekaar verwyderd is, bly die rol van ander spelers in die waardeketting konstant. Hierdie rolspelers word egter groter en meer gekonsentreerd. Groot en magtige prosesseringskonglomerate en kleinhandelsgroepe domineer alreeds die internasionale en Suid-Afrikaanse ekonomiese landskap.

Produsente konsolideer ook. Die 60 000 primêre produsente van 'n paar jaar gelede het gekrimp na minder as 30 000 en 15% van dié produsente produseer 90% van die plaaslik geproduseerde proteïen, vesel en stysel.

“ Die konsolidasiefokus sal gedryf word deur Senwes en sy houermaatskappy, Senwesbel in die komende jaar. ”

Francois Strydom



Strategie

Konsolidasie is die strategie waarmee Senwes op hierdie tendense reageer. Die bedryf is in 'n konsolidasiefase en Senwes het dit voorsien, soos duidelik blyk uit sy 2020-strategie. Die strategie skryf dan ook voor dat individuele besighede in ons waardeketting in die proses van reorganisasie en spesialisasie is.

Senwes spesialiseer derhalwe in –

- Kleinhandel, met AFGRI as vennoot (Hinterland);
- Versekering, met NWK as vennoot (Certisure Groep);
- Logistiek, met Imperial Logistics as vennoot (Grainovation);
- Internasionale handel, met Bunge as vennoot (Bunge Senwes);
- Verband- en huurkoopfinansiering, met WesBank as vennoot;
- Plaaslike verspreiding van John Deere toerusting in die Oos-Kaap en Wes-Kaap met die Tomlinson Familie Trust as vennoot (JDI);
- Silosertifikate met AFGRI as vennoot (Electronic Silo Certificates);
- Kalk met NWK as vennoot (Grasland Ondernemings).

In pas met die 2020-strategie, bly Senwes verbind tot die daarstelling van konsolidasieplatforms met spesifieke vennote en die versnelling van die proses in die komende jaar.

'n Verdere internationale tendens wat Senwes se toekomstrategie beïnvloed is die oorname van plaaslike maatskappye deur groot, internationale konglomerate. Internationale voorbeeld hiervan sluit in die VSA, Kanada en Australië, waar mededingingsowerhede die konsolidasie van plaaslike landboubesighede verbied het. Groot, internationale konglomerate het 'n gaping gesien om dié sektor te domineer deur die ontmagting van plaaslike besighede, wat op sy beurt weer aanleiding gegee het tot 'n verlies aan voedselsekuriteit en werkgeleenthede. Buitelandse konglomerate verontgaam die sosiale struktuur en wese van plaaslike gemeenskappe en hou 'n groter-wordende bedreiging in vir nasionale belang.

Finansiële prestasie

Die Groep se finansiële prestasie vir die 2013/2014 finansiële jaar reflekteer 'n wins na belasting van R251 miljoen en 'n omset van R11 476 miljoen – 'n verlaging van 18,2% en 17,3% respektiewelik, vergeleke met die vorige jaar.

Die netto wins reflekteer die twee opeenvolgende droogtejare en die gevoldlike verlaging in graanvolumes en kapitaal-spanderingsprogramme van produsente.

Die volgende is die belangrikste finansiële verhoudings:

- Verlaging in genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (genormaliseerde HEPS) van 35.1%
- Verlaging in verdienste per aandeel (EPS) van 14.8%
- Opbrengs op openingsekwiteit van 15.7%
- Verhoging in netto batewaarde van 74 sent/aandeel
- Dividendopbrengs van 4.6% op openingsmarkprys, wat 48 sent per aandeel verteenwoordig.
- Totale aandeelhoudersopbrengs (kapitaalgroei + dividende) van R150 miljoen is gegenerere vir aandeelhouers.

Senwes het daarin geslaag om sy eiekapitaalverhouding van 40% gedurende die jaar te handhaaf. Fasilitete by Absa is met R900 miljoen verhoog teen gunstige koerse. Ongebruikte korttermynfasilitete soos op 30 April het R1,1 miljard beloop, wat voldoende likiditeit vir groeigeleenthede verseker.

Senwes kon daarin slaag om sy balansstaat op dieselfde vlakke as die vorige jaar te handhaaf, ten spyte van 'n bewese groei in die debiteureboek.

Die Centre of Excellence-projek wat verlede jaar geloods is, het reeds gedurende die jaar begin vrugte afwerp, wat duidelik blyk uit meer vaartbelynde prosesse wat weer tot verlaagde koste gelei het.





AANDEELHOUERSOPBRENGS

Dividendbeleid

Inlyn met ons strategiese doelwit om aandeelhouerswaarde te skep, het Senwes die dividendbeleid, wat voorheen gebaseer was op 'n uitbetalingsverhouding, hersien. In die lig van die volatiliteit van landbouthouerswaarde en die impak daarvan op gerapporteerde verdienste, het ons besluit om oor te skakel na 'n dividendbeleid van absolute groei in dividende.

'n Waardedaling van R22 miljoen is deur die Groep geneem vir die Afrika-besigheid, hoofsaaklik weens 'n waardedalingsverlies as gevolg van die verswakkende Zambiese wisselkoers. Die Afrika-besigheid sal geherstruktureer word gedurende die 2014/2015 finansiële jaar en nuwe strategieë om die Afrika-mark te penetreer sal saam met ons vennoot in die besigheid, Bunge, oorweeg word.

Terugkoop van aandele as Tesourie-aandele

Gedurende die jaar het die Groep R102,2 miljoen spandeer op die terugkoop van Senwes aandele op die opemark. Dit bring die totale teruggekopte aandele sedert die begin van die terugkoopprogram in 2012/2013 op 11,5 miljoen aandele te staan. Senwes Capital (Edms) Bpk het 6,4% van sy aandele teruggekoop as Tesourie-aandele en die doel daarvan is om die huidige kontantvereffende langtermynskynaandeleskema te omskep na 'n werklike aandeleskema.

Nuwe toetreders tot die graanverhandelingsmark, sowel as laer volumes, het die besigheid van Tradevantage en Bunge Senwes onder druk geplaas. Die verhoging in kommoditeitspryse het 'n verhoging in bedryfskapitaal genoop, wat op sy beurt weer 'n negatiewe effek op marges gehad het. Volumes verhandel deur Bunge Senwes gedurende die 2014 finansiële jaar het met 79% verhoog, wat 'n markaandeel van 23% van mielie-uitvoere verteenwoordig. Nienteenstaande laer volumes, het die netto wins van Grainovation met 42% verhoog.

Die R85 miljoen netto wins van Senwes Grainlink verteenwoordig 32,7% van die totale wins uit bedryfsaktiwiteite.

BEDRYFSPRESTASIE

Senwes Credit



Die droogte het stadiger terugbetaling van die kredietboek tot gevolg gehad, met gevoldlike hoër marges vir die kredietbesigheid (3.5%: 2014 teenoor 3.2%: 2013). Die skuld is ondersteun deur sterk balansstate en 'n groot verhoging in voorsienings was nie nodig nie. Teen 30 April 2014 het agterstallige skuld genormaliseer tot 3.4% (2013: 3.3%) van die totale boek.

Die kredietboek het met 14.95% jaar-op-jaar verhoog en bygedra tot 'n 35,4% verhoging in die netto wins na R88 miljoen. Die winsdeling van WesBank van R7,6 miljoen vir 2014 verteenwoordig 'n 43,99% verhoging teenoor 2013.

Nienteenstaande die droogte en die druk van produsente om hul versekeringspremies te verlaag, het Certisure daarin geslaag om sy marges te handhaaf. Die geografiese uitbreiding van die versekeringsbesigheid saam met NWK het die volhoubaarheid en groeipotensiaal van die Groep verhoog.

Die R95 miljoen netto wins van Senwes Credit en Certisure verteenwoordig 36,5% van die totale wins uit bedryfsaktiwiteite.

Senwes Village



Die verslagdoeningsperiode is gekenmerk deur 'n moeilike besigheidsomgewing vir Senwes Village. Die droogtetoestande gedurende die eerste helfte van die 2013/2014 plantseisoen het 'n uiters negatiewe impak op die insetpilaar gehad. Die insetpilaar was vanjaar gefokus op die integrasie van die Senwes en AFGRI besighede, sowel as die uitrol van die besigheidsmodel in die nuwe besigheid Hinterland.

Die besigheidsaktiwiteite van Senwes Meganasisie is negatief beïnvloed deur die droogte en produsente het hul kapitaal-vervangingsprogramme dienooreenkomsdig uitgestel.

Meganasisie het egter daarin geslaag om sy markaandeel gedurende 2013/2014 te verhoog met 2.1%, na 32.3%. Dié besigheidseenheid het ook beleggings gemaak in die upgradering van beide die Wesselsbron en Hoopstad werkswinkels.

JDI, die meganasisieonderneming tussen Senwes en die Tomlinson familie in die Oos-Kaap en Wes-Kaap, het goeie resulte gelewer vir die derde opeenvolgende jaar en die besigheidsintegrasie en uitbreiding na nuwe gebiede het ook goeie resultate gelwer.

Die resultate van Grasland toon ook 'n afwaartse tendens. Kalkverkope het dieselfde tendens gevolg as die kapitaalvervangingsprogram en produsente het bekalking na 'n meer genormaliseerde seisoen uitgestel.

Village het 'n netto wins van R80 miljoen gedurende 2013/2014 gelewer, wat 30,8% van die totale wins uit bedryfsaktiwiteite verteenwoordig.

Senwes Grainlink



Die droogte het 'n ernstige impak gehad op die resultate van Senwes Grainlink, wat 'n verlaging van 26% in volumes tot gevolg gehad het. Markaandeel in die silobesigheid het egter vergroot, nienteenstaande verhoogde mededinging in 'n krimpende mark.

Korporatiewe Dienste

Vaardigheidsontwikkeling geniet gefokusde aandag op alle vlakke in die organisasie en die R4,2 miljoen wat jaarliks op opleidingsprogramme spandeer word, verteenwoordig gemiddeld 3.2 opleidingsdae per werknemer. 45% hiervan is op voorheen benadeelde werknemers bestee. Die Senwes Akademie het nasionale sertifikate en diplomas aan 70 leerders toegeken gedurende die oorsigjaar.

Deurlopende skakeling met die regering en veral plaaslike regering, het plaasgevind, hoofsaaklik met betrekking tot dienslewering, plaaslike ontwikkeling en rekeningkwessies, in 'n poging om die dienslewingsrisiko te verlaag en om 'n bydrae te lewer tot plaaslike ekonomiese ontwikkeling.

Toekomsvooruitsigte en -uitdagings

Normale tot bo-normale reënval is tydens die 2013/2014 seisoen ontvang, wat hoër graanvolumes vir Senwes Grainlink tot gevolg kan hê.

Die 2013/2014 jaar is gekenmerk deur lae produksie maar bo-normale uitvoere. Dit het rekord-lae graanvoorraadvlake tot gevolg gehad soos op 30 April 2014. Die lae openingsvoorraadvlake sal 'n negatiewe effek hê op die 2014/2015 resultate van Grainlink. Daar word verwag dat hierdie seisoen die geleentheid sal skep vir die graanbedryf om voorraadvlake op te bou.

Die groot oes sal waarskynlik tot gevolg hê dat die binnelandse mielieprys laer sal wees as uitvoerpariteit oor die medium termyn. Dit mag uitvoere stimuleer, hoofsaaklik ten opsigte van geelmielies, wat weer tot gevolg kan hê dat meer witmielies gebruik sal word vir veevoer. Hierdie situasie, sowel as die lae oordragvoorraad, kan voorraadtekorte gedurende die laaste helfte van die jaar tot gevolg hê, selfs met 'n relatiewe groot plaaslike oes. Die groot plaaslike oes sal waarskynlik drukoste stimuleer, wat markdeelnemers sal aanmoedig om voorraad vir langer periodes te dra. Daar word verwag dat hoër graanopbrengste 'n beter finansiële posisie vir produsente tot gevolg sal hê. Dit behoort aanleiding te gee tot hoër kapitaalspanderingspatrone, wat weer 'n positiewe effek op meganisasieomset sal hê.

Aanplantings gedurende die komende seisoen behoort inlyn te wees met die huidige seisoen. Senwes Credit verwag dat die kredietboek sal verhoog met insetinflasie en verwag ook 'n marginale groei in markaandeel.

Daar sal voortgegaan word met die integrasie en posisionering van Hinterland, wat 'n wesenlike verhoging in direkte besigheid tot gevolg kan hê. Verdere kostesinergieë sal deur Hinterland ontsluit word gedurende die 2014/2015 finansiële jaar.

Die konsolidasiefokus sal gedryf word deur Senwes en sy houermaatskappy Senwesbel in die komende jaar. Groot groeperings word gevorm en Senwes sal poog om homself so te posisioneer dat waarde geskep word vir die Groep en sy vennote.




Verklaring van vooruitskouing Bedankings

Sekere verklarings wat in hierdie verslag gemaak word, is nie op historiese feite gebaseer nie, hou verband met analises en ander inligting wat gegrond is op die voorspelling van toekomstige resultate wat nog nie bepaal kan word nie en wat verband hou met, onder andere, nuwe besigheidsvolumes, opbrengs op belegging (insluitend wisselkoersfluktuasies) en aktuariële veronderstellings. Hierdie verklarings kan ook verband hou met ons toekomsvooruitsigte, ontwikkelings en besigheidstrategieë.

Dit is vooruitskouingsverklarings soos gedefinieer in die "United States Private Securities Litigation Reform Act of 1995". Woorde soos "glo", "antisipeer", "waarskynlik", "voorspel" "beoog", "strewé", "sal", "beplan", "kan", "mag", "poog", "projekteer" en soortgelyke uitdrukings het ten doel om sodanige vooruitskouingsverklarings te identifiseer, maar is nie eksklusief die wyse waarop sodanige verklarings geïdentifiseer word nie. Vooruitskouingsverklarings behels inherente risiko's en onsekerhede en sou een of meer van hierdie risiko's realiseer, of indien onderliggende veronderstellings korrek blyk te wees, kan werklike resultate wesenlik van die verwagte resultate verskil. Vooruitskouingsverklarings is slegs van toepassing vanaf die datum waarop dit gemaak word en Senwes is nie verplig om enige verklaring aan te pas of op te dateer weens nuwe inligting, toekomstige gebeure of enige ander rede nie.

Die sukses van Senwes as 'n Maatskappy is afhanglik van die sukses van diegene aan wie die leierskap daarvan toevertrou is en in die verband bedank ek graag die bestuurspan en personeel van Senwes wat ons gedurende die jaar ondersteun het. Ek is ook dank verskuldig aan die Direksie vir hul wysheid en duidelike visie vir die rigting waarin die Groep beweeg. Ek is ook oopreg dankbaar dat ons goed op pad is na 2020 en vir ons personeel, vennote en aandeelhouers wat ons visie ondersteun.

Alle erkenning vir die Genade van ons Hemelse Vader in al ons besigheidsondernemings.



.....
Francois Strydom
BESTURENDE DIREKTEUR
Klerksdorp
27 Junie 2014



Senwes Uitvoerende Komitee, van links na regs:

Martin van Zyl – Assistent Hoofbestuurder IT | Corné Kruger – Finansiële Direkteur | Dirk Opperman – Hoof Interne Ouditeur

Frans du Plessis – Besturende Direkteur Hinterland | Joe Maswanganyi – Hoofbestuurder Korporatiewe Dienste

Francois Strydom – Besturende Direkteur | Elmarie Joyst – Groep Maatskappysekretaris | Wikus Grobler – Assistent Hoofbestuurder Groep Finansies en Tesourie | Gerrit van Zyl – Hoofbestuurder Credit | Johan le Grange – Hoof Korporatiewe Finansies

Pieter Esterhuyzen – Hoofbestuurder Grainlink



Volhoubaarheids-bestuur

Senwes is verbind daartoe om die volhoubaarheid van sy besigheid te verseker en om terselfdertyd by te dra tot die voortbestaan van 'n billike, gelyke en stabiele gemeenskap, sowel as tot die bewaring van die ekosisteem. Ons doen dit deur bewus te wees van ons aksies en die impak daarvan op beide die gemeenskap en die natuurlike omgewing, en deur strategieë te ontwikkel wat mimimale negatiewe impak en maksimale positiewe impak verseker.

By Senwes definieer ons volhoubaarheid soos volg: *Volhoubaarheid verwys na die verantwoordelike, effektiewe en etiese wyse waarop huidige generasies alle soorte hulpbronne aanwend om aan hul eie behoeftes te voldoen en hul doelwitte en aspirasies te realiseer; en daardeur die sosio-ekonomiese en ekologiese omgewing te impakteer op 'n wyse wat nie negatief impakteer op die vermoë van toekomsgenerasies om aan hul eie behoeftes te voldoen en hul doelwitte, aspirasies en potensiaal te realiseer nie, maar wat dit verbeter. (Aangepas uit The Brundtland Commission se definisie, saamgestel in 1987).*

Ons verstaan dat alle Senwes spanlede, insluitend die Direksie en Uitvoerende Bestuur, slegs penningmeesters is van die organisasie en die verantwoordelikheid opgedra is om besigheid te bedryf op 'n volhoubare wyse, ten einde die besigheid aan toekomstige generasies te oorhandig in 'n beter toestand as wat dit was toe ons dit vanaf vorige generasies ontvang het.

Ons glo dat dit krities vir ons organisasie is om 'n volhoubaarheidsgeoriënteerde kultuur, strukture en prosesse vir die bestuur van volhoubaarheid te hê. Sleutelaanwysers en wesenlike volhoubaarheidsaspekte en -risiko's word deurlopend gemonitor. Dit is belangrik om op hoogte te bly van belangrike plaaslike en internasionale regulatoriese en tegniese ontwikkeling op die gebied van volhoubaarheid en dat die bestuur daarvan aan die minimum vereistes soos verskaf deur King III voldoen. Dit moet ook blyn met die Global Reporting Initiatives (GRI)-riglyne.

Strategiese doelwit

Om 'n ten volle geïntegreerde landboubesigheid en betekenisvolle rolspeler in die wêrelvoedselketting te wees.

Strategiese fokus

Die Groep se strategie is gefokus op groei en diversifikasie deur konsolidasie en integrasie binne die landbou- en voedselwaardeketting.

Strategiese doelwitte

Ons strategiese doelwit is om volhoubare waarde vir al ons belanghebbendes te skep en om 'n voorkeur beleggingsvennoot, werkewer, verskaffer en korporatiewe burger te wees.

Strategiese Drywers

- Diversifikasie van die besigheid ten einde konsentrasierisiko te verlaag.
- Horizontale integrasie en konsolidasie van die agri-besigheidsektor ten einde uitbreiding van 'n nasionale voetspoor te verseker.
- Herorganisasie van die besigheidsmodelle.
- Vertikale integrasie van die besigheid deur gespesialiseerde fokus in die waardeketting.
- Ontsluiting van waardesinergie deur ondersteuningsfunksies.
- Internasionalisering van die besigheid deur strategiese vennootskappe.


Areas van Uitnemendheid

- Klantefokus en verhoudingsbestuur.
- Leierskap, talent, kultuur en waardes.
- IT, besigheidsintelligentie en innovasie.
- Bedryfseffektiwiteit.
- Risikobestuur.

Finansiële Doelwitte

- Gemiddelde jaarliks opbrengs > WACC.
- NWNB jaarlikse groei met inflasie + 2%.
- Eiekapitaalverhouding tussen 35% en 45%.
- Rentedekking van ten minste 2.5 keer.
- Ratverhouding < 180%.

STRATEGIESE BELEGGINGSTRUKTUUR



Volhoubaarheidsbestuur

Ons benadering tot volhoubaarheidsbestuur fokus grootliks op twee kritiese waardedrywers: verlaging van risiko en die optimalisering van geleenthede om volhoubare waardeskepping te verhoog. Hierdie benadering neem die realiteit in ag dat volhoubare ontwikkelingskwessies nie staties van aard is nie. Dit ontwikkel op 'n dinamiese wyse en benodig dus deurlopend innovasie en 'n hoë vlak van organisatoriese soepelheid.

Ons volhoubaarheidspogings is derhalwe gefokus op die volgende breë doelwitte:

- Gebruikmaking van geleenthede.
- Beskerming van huidige besigheid en inkomste.
- Vind nuwe besigheidsgeleenthede en inkomstestrome.
- Verlaging van risiko.
- Verbetering van bedryfseffektiwiteit.

BELANGRIKE VOLHOUBAARHEIDSKWESSIES





FILOSOFIESE OORSIG

Werknemerwaarde-propositie


Die doel van ons werknemerwaardepropositie is om die organisasie in staat te stel om toekomstige talent aan te trek, aanstelling van werknemers te verbeter, huidige werknemers te behou en eienskappe te kweek wat Senwes 'n voorkeurwerkgewer in die arbeidsmark sal maak. Ons waardepropositie is vervat in hierdie vier belangrike pilare. Dit is 'n opsomming van die eienskappe wat volgens die perspektief van voornemende en huidige werknemers, vir hulle waarde sal skep as werknemers van Senwes.



VIER PILARE VAN SENWES WERKNEMERSWAARDEPROPOSISIE


WERKNEMERPROFIEL

Gelyke geleenthede per bedryfsvlak





Ouderdomsprofiel per bedryfsvlak van die organisasie



Talentontwikkeling

In Leierskapbevoegdheidsmodel is ontwikkel en goedgekeur deur die Uitvoerende Bestuur wat die bevoegdheid waaroor 'n Senwes leier moet beskik, bepaal. Hierdie model rig opleidings- en ontwikkelingsbeplanning, belegging in die ontwikkeling van personeel, opleidingsfokus asook institusionele en programseleksie vir leierskapontwikkeling.

LEIERSKAPONWIKKELINGSBEVOEGDHEIDSMODEL

Pas aan by verandering

Hanteer verandering van betroubare, positiewe en kragtige wyses waarop dinge gedoen word, verleen ondersteuning in verskillende situasies en respekteer diverse groepse mense.

Ontwerp die toekoms

Fokus op die ontwikkeling van idees en ondersoek 'n reeks moontlikhede, analiseer en los probleme op, op 'n wyse wat 'n langetermynimpak sal hê.

Kry resultate

Ontsluit waarde en verkry uitstekende resultate deur energieke aksie, dissipline, integriteit en goedbeplande, tydige uitvoering.

Beïnvloed ander

Neem ander mense saam op jou reis deur kommunikasie en vennootskappe met ander, bou van verhoudings, demonstreer leierskap en ontwikkel mense.

Talentontwikkelingstatistiek

Talentontwikkelingaanwysers

2013/14

2012/13

Gemiddelde opleidingsdae per werknemer	Aantal	3.2	4.8
Direkte opleidingskoste	R'm	4.2	7.3
% van opleidingsbelegging aan voorheen benadeelde groepse bestee	%	45	31
Sertifikate en diplomas toegeken vir geregistreerde leerlingskapte	Aantal	70	48
Opleidingskoste as 'n % van salariskoste	%	1.3	2.2



Werknemerverhoudings

Werknemerverhoudings by Senwes is gebaseer op die verbintenis tot die daarstelling van 'n omgewing vry van misbruik van menslike hulpbronne, diskriminasie en 'n begeerte om 'n omgewing te kweek vir sosiale skakeling, gelykheid en respek vir menseregte. Hierdie aspirasies en toewysing is gebaseer op die beginsels van die Internasionale Arbeidsorganisasie se konvensies met betrekking tot regte in die werksplek, die Suid-Afrikaanse Handves van Regte en arbeidsregulasies. Hierdie regte word toegepas en beskerm.

Senwes is 'n lid van die Graanbedingingsraad en erken drie vakbonde, naamlik Solidariteit, FAWU en NUFBWSAW.

Daar was geen insidente van gedwonge arbeid of kinderarbeid gedurende die jaar nie.

Gesondheid en veiligheid

Die versekering van die gesondheid en veiligheid van ons werknemers is gebiedend noodsaaklik vir Senwes.

Die Senwes gesondheid- en veiligheidstrategie rus op vier pilare, naamlik:

- Bemagtigende omgewing.
- Onderwys en opleiding van ons werknemers.
- Bemagtiging van werknemers om 'n oordeel oor sekere aspekte te fel.
- Toepassing van reëls en regulasies.

VEILIGHEID- EN GESONDHEIDSTATISTIEK

Prestasieaanwysers

Aanwyser	2013/14	2012/13
Artikel 24 Ongeskiktheidsbeserings	4	12
Ongeskiktheidsbeserings	24	25
Verlore man-dae weens beserings	180	467
Ongeskiktheidsbeseringskoers (%)	1.97	1.60



ETIEK

Die Senwes Etiese Kode is 'n dokument waarin Senwes sy toewyding tot die bedryf van besigheid op 'n wettige en eties aanvaarbare wyse openbaar. Hierdie dokument is van toepassing op elke direkteur en werknemer in die Groep, wat hulle almal tot die Etiese Kode verbind het. Dit verduidelik en beklemtoon die waardes, standarde en riglyne wat nagekom moet word in alle handelinge met interne en eksterne belanghebbendes. Die kode bevorder 'n etiese kultuur en ontmoedig onetiese gedrag en bevorder 'n atmosfeer van openlike kommunikasie met betrekking tot etiese sake. Alle gerapporteerde insidente word ondersoek en, indien voldoende inligting verskaf word, word toepaslike korrektiewe aksie geneem. Anonimitet van fluitjieblasers word gewaarborg.

Etiese program

Die Senwes etiese program fokus op die volgende belangrike prestasieareas:

- Etiese bestuur.
- Etiese leierskap.
- Opleiding en bewusmaking.
- Die skep van 'n etiese kultuur.
- Programeffektiwiteit, gedragsmonitering en aanspreeklikheid.



WERKNEMERERKENNING

Erkenning word op afdelingsvlak gegee en kulmineer na Groepserkenning, gefokus op alle vlakke werknemers. Uitsonderlike presteerders wat verwagtinge oortref en wie se gedrag konsekwent is met Senwes se waardes, word geïdentifiseer deur kolleagues en bestuur.

Die Groep erken uitstaande prestasie in die kategorieë van finansiële- en bedryfsprestasie; klantediens, volhoubaarheid, entrepreneurskap, uitstekende spanwerk, uitstaande diens aan die Groep en die Besturende Direkteurstoeckening.

VERGOEDING

Vergoedingsfilosofie

Die doel van vergoeding is om talent aan te trek, te behou, te motiveer en te vergoed vir volhoubare kort- en langtermynprestasie, ten einde die Groep se bedryfs-, strategiese en volhoubare langtermyndoelwitte te behaal.

Die Groep posisioneer homself op die 50^{ste} persentiel in terme van markgebaseerde (gewaarborgde) vergoeding en volg 'n meer aggressiewe aansporingskema om beter belyning tussen werknemers and aandeelhouers te verseker.


Korttermynprestasie-insentiewe

Die Groep gebruik korttermynprestasie-insentiewe (KTI) ten einde gedrag met betrekking tot belangrike strategiese en besigheidsdoelwitte aan te moedig. Dit word gedoen om die bereiking van korttermyndoelwitte aan te moedig. Aansporingskemas is gebaseer op die behaling van korporatiewe prestasiedoelwitte, divisionele en individuele doelwitte en volg die beginsel dat doelwitte gestel word op die vlakke waarop werknemers invloed kan uitoefen.

Langtermynprestasie-insentiewe

Die doelwit van die langtermynprestasie (LTI) is om geselekteerde sleutelpersoneel te behou en hul langtermynbelange te belyn met dié van die aandeelhouers.

Vergoedingsamestelling:



BETROKKENHEID VAN BELANGHEBBENDES

Belanghebbendes is die kern van ons visie en is goeie verhoudinge met belanghebbendes een van Senwes se strategiese prioriteite. Ons poog deurlopend om te verseker dat die betrokkenheid van belanghebbendes 'n integrale deel is van die wyse waarop ons besigheid bedryf.

Ons benadering tot die betrokkenheid van belanghebbendes is gebaseer op die beginsels van wederkerigheid en deursigtigheid. Deur belanghebbendes te betrek, poog ons om 'n beter begrip te kweek vir hul behoeftes, bekommernisse, verwagtinge en persepsies.

Ons soek deurlopend na innoverende wyses waarop ons die effektiwiteit van ons betrokkenheid by alle belanghebbendes kan verbeter. Senwes gebruik verskeie kommunikasiemetodes om belanghebbendes via hul voorkeurkommunikasiemediums te bereik.

Die volgende is ons belangrikste belanghebbendes:

- Aandeelhouers/Beleggers
- Werknemers
- Klante/Kliënte
- Verskaffers
- Strategiese vennote
- Regering
- Reguleerders
- Gemeenskappe





STAAT VAN TOEGEVOEGDE WAARDE

vir die jaar geëindig 30 April 2014

Notas	GROEP			
	2014 R'm	%	2013 R'm	%
Inkomste	11 476		13 884	
Betaal aan verskaffers vir goedere en dienste	(10 622)		(12 849)	
Waarde toegevoeg	854		1 035	
Inkomste vanuit beleggingsaktiwiteite	1		-	
WELVAART GESKEP	855		1 035	
Verdeel soos volg:				
Werknemers en direkteure	353	34.3%	476	41.2%
Salarisse, lone en ander voordele	336	32.6%	400	34.6%
Aansporingskema	17	1.7%	76	6.6%
Owerhede	91	8.8%	114	9.9%
Finansiers	124	12.0%	104	9.0%
Aandeelhouers	287	27.9%	341	29.5%
Dividende en distribusie aan gewone aandeelhouers	106	10.3%	74	6.4%
Voorsiening vir vervanging van bates	36	3.5%	34	2.9%
Behoue surplus	145	14.1%	233	20.2%
Welvaart verdeel uit inkomste	855	83.0%	1 035	89.5%
Welvaart van ander bronne verdeel				
Owerhede	175	17.0%	121	10.5%
TOTALE WELVAART VERDEEL	1 030	100.0%	1 156	100.0%

1. **Notas:**

Werknemerbydraes van R4 miljoen (2013 - R4 miljoen) met betrekking tot sentrale versekeringsfondse is nie hierby ingesluit nie, aangesien dit verreken word in die bedrag betaal aan owerhede (Nota 1).

2. Sentrale- en plaaslike regering:

SA normale belasting - huidige jaar	51	111
(Toename)/Afname in uitgestelde belastingbate	29	(9)
Sekondêre belasting op maatskappye	-	-
Kapitaalwinsbelasting	-	2
Vorige jaar aanpassings	-	(4)
Vaardigheidsontwikkelingsheffing	3	3
Belasting betaal aan plaaslike owerhede	4	7
Sentrale versekeringsfondse	4	4
Spandering aan owerhede	91	114

3. Ander belasting bestaan uit:

BTW	103	39
LBS	69	80
Terughoubelasting op dividende	3	2
Spandering aan owerhede	175	121
Totale spandering aan owerhede	266	235


4. Behoue surplus bestaan uit:

Groepwins na belasting	251	307
Dividende	(106)	(74)
Behoue surplus	145	233


WAARDESKEPPING EN VERSPREIDING



2014



2013





Natuurlike omgewing



OMGEWINGSBELEID EN -DOELWITTE

- Die aktiewe vermindering van die negatiewe impak van ons besigheidsaksies op die omgewing.
- Dielewering van bydraes tot inisiatiewe wat sal meewerk tot die bewaring van die natuur en natuurlike hulpbronne.

Omgewingskwessies

Die volgende is ons mees belangrike omgewingskwessies:

- Waterbestuur
- Energiebestuur
- Bestuur van afval
- Regulatoriese nakoming

Belangrike kwessie	2013/14	2012/13	Beweging
Waterverbruik (kl)	66 897	75 800	-11.7%
Elektrisiteitsverbruik (kWh)	20 270 010	22 170 719	-8.6%
Elektrisiteitsverbruik (kVa)	116 508	130 779	-10.9%



Finansiële Oorsig



SENWES GROEP 5-JAAR FINANSIEËLE OORSIG

STAAT VAN FINANSIEËLE POSISIE*	2014 R'm	2013 R'm	2012 R'm	2011 R'm	2010 R'm
Bates					
Nie-bedryfsbates	1 077	822	696	548	508
Bedryfsbates	3 051	3 199	2 676	2 558	2 288
Totale bates	4 128	4 021	3 372	3 106	2 796
Ekwiteit en aanspreeklikhede					
Kapitaal en reserwes	1 622	1 583	1 368	1 230	1 059
Nie-beherende belang	13	10	8	-	-
Ekwiteit	1 635	1 593	1 376	1 230	1 059
Nie-bedryfslaste	662	1 009	457	446	436
Bedryfslaste	1 831	1 419	1 539	1 430	1 301
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	4 128	4 021	3 372	3 106	2 796
Rentedraende laste ingesluit in bedryfslaste en nie-bedryfslaste	1 961	1 782	1 440	1 399	1 196
INKOMSTESTAAT					
Inkomste					
Finansiële Dienste - <i>Senwes Credit</i>	170	139	168	156	166
Insetverskaffing - <i>Senwes Village</i>	1 552	2 871	2 259	1 770	1 943
Marktoegang - <i>Senwes Grainlink & Tradavantage</i>	9 889	12 209	10 659	5 567	6 895
Diverse bedrywe	-	-	-	46	27
Normale bedryfsaktiwiteite	11 611	15 219	13 086	7 539	9 031
Korporatiewe inkomste	15	35	11	11	8
Totale Inkomste	11 626	15 254	13 097	7 550	9 039
Beëindigende bedrywe	(150)	(1 370)	(1 222)	-	-
Inkomste uit voortgesette bedrywe	11 476	13 884	11 875	7 550	9 039
Wins/(verlies)*					
Finansiële Dienste - <i>Senwes Credit & Certisure Groep</i>	95	129	62	54	62
Insetverskaffing - <i>Senwes Village & Hinterland Groep</i>	226	170	169	65	96
Marktoegang - <i>Senwes Grainlink, Tradavantage & Bunge Senwes</i>	85	177	183	252	236
Diverse bedrywe	-	-	-	-	2
Normale bedryfsaktiwiteite	406	476	414	371	396
Korporatiewe koste	(75)	(69)	(54)	(56)	(66)
Beleggingsinkomste	-	-	2	4	2
Wins voor belasting	331	407	362	319	332
Belasting	(80)	(100)	(97)	(100)	(123)
Wins vir die jaar	251	307	265	219	209
Nie-beherende belang	3	2	1	-	-
Finansieringskoste hierbo ingesluit	(124)	(104)	(92)	(115)	(85)
KONTANTVLOEISTAAT*					
Netto kontantvloei					
Kontant uit bedrywe gegenereer	381	490	441	547	516
Totale finansieringskoste, belasting en dividende betaal	(276)	(295)	(307)	(250)	(469)
Finansieringskoste betaal	(124)	(104)	(89)	(113)	(79)
Belasting betaal	(46)	(117)	(92)	(92)	(110)
Dividende betaal	(106)	(74)	(126)	(45)	(280)
Verandering in bedryfskapitaal	(28)	(544)	(88)	(290)	52
Dividende ontvang	2	-	2	1	2
Netto kontantvloei uit/(gebruik deur) bedryfsaktiwiteite	79	(349)	48	8	101
Netto kontant uit/(gebruik deur) beleggingsaktiwiteite	4	(148)	(133)	(31)	(46)
Netto kontant (gebruik deur)/uit finansieringsaktiwiteite	(102)	531	102	-	-
Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente	(19)	34	17	(23)	55

*Ingesluit beeindigende en voortgesette bedrywe

FINANSIELE- EN BEDRYFSVERHOUDINGS


	5 jaar saamgestelde jaarlikse groei (%)	2014	2013	2012	2011	2010
FINANSIELE GROEI (PERSENTASIE)						
Totale bates	10.5	2.7	19.2	8.6	11.1	11.7
Totale aandeelhouersbelang	7.7	2.6	15.8	11.9	16.1	(6.0)
Rentedraende aanspreklikhede	22.3	10.0	23.8	2.9	17.0	66.8
Totale inkomste uit voortgesette bedrywe	0.6	(17.3)	16.9	57.3	(16.5)	(19.0)
Wins voor belasting	(8.8)	(18.7)	12.4	13.5	(3.9)	(36.9)
Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel	(12.3)	(35.1)	14.8	14.3	1.5	(39.9)
Netto batewaarde per aandeel	9.0	8.3	16.9	11.2	16.1	(6.0)
Sluitingsmarkprys per aandeel	14.3	3.4	15.6	(11.8)	39.7	32.7
Totale dividende vir die jaar	(5.0)	(21.3)	1.7	71.4	(75.0)	125.8
GEWONE AANDEELPRESTASIE						
Getal Gewone Aandele ('m)						
Geweegde gemiddelde aantal uitgereik		172.38	180.46	180.79	180.79	180.79
Getal uitgereik op jaareinde		169.29	178.99	180.79	180.79	180.79
Sent per aandeel						
Verdienste	(6.7)	143.9	168.9	146.0	121.1	115.6
Genormaliseerde wesensverdienste	(12.3)	99.0	152.4	132.8	116.2	114.4
Netto batewaarde	9.0	958.1	884.4	756.7	680.3	585.8
Sluitingsmarkprys	14.3	1 075.0	1 040.0	900.0	1 020.0	730.0
Totale dividende vir die jaar		48.0	61.0	60.0	35.0	140.0
Finale dividend verklaar		22.0	31.0	15.0	25.0	15.0
Interim dividend betaal		26.0	26.0	45.0	10.0	25.0
Spesiale dividend betaal		-	4.0	-	-	100.0
Persentasie						
Prysboekverhouding		112.2	117.6	118.9	149.9	124.6
Dividendopbrengs, ingesluit spesiale dividende		4.6	6.8	5.9	4.8	25.5
Dividendopbrengs, uitgesluit spesiale dividende		4.6	6.3	5.9	4.8	7.3
Dividendopbrengs op gemiddelde markprys, ingesluit spesiale dividende		4.5	6.3	6.3	4.0	21.9
Keer						
Prysverdiensteverhouding		7.5	6.2	6.2	8.4	6.3
Dividenddekking, ingesluit spesiale dividende		3.0	2.8	2.4	3.5	0.8
Dividenddekking, uitgesluit spesiale dividende		3.0	3.0	2.4	3.5	2.9
AANDEELHOUERSOPBRENGS (%)						
Opbrengs op openingsekwiteit		15.7	22.3	21.5	20.7	18.6
Opbrengs op gemiddelde ekwiteit		15.5	20.7	20.3	19.1	19.1
Totale aandeelhouersopbrengs (dividend & kapitaalgroei)		8.0	22.3	(5.9)	44.5	58.2
Totale aandeelhouersopbrengs (op gemiddelde markprys)		7.8	20.7	(6.3)	37.1	50.0
PRODUKTIWITEIT						
Bateomsetsnelheid (aantal keer)*		2.8	3.8	3.7	2.6	3.4
Inkomste/ekwiteit (aantal keer)*		7.0	8.7	8.6	6.1	8.5
Aantal werknemers		1 443	2 124	2 170	2 201	2 277
Bedryfswins per werknemer (R '000)		310	237	206	194	181
Opbrengs op totale bates - EBIT (%)		11.0	12.7	13.5	14.0	14.9
Bedryfswins as % van inkomste*		3.9	3.6	3.8	5.7	4.6
Effektiewe belastingkoers (%)		25	25	27	31	37
SOLVENSIE EN LIKIDITEIT						
Ekwiteit as % van netto bates		45	47	49	47	47
Ekwiteit as % van totale bates (eiekapitaalverhouding)		40	40	41	40	38
Hefboomverhouding (%)		118	109	103	112	109
Nie-rentedraende laste as % ekwiteit		33	41	41	39	51
Finansieringskoste betaal (R 'm)		(124)	(104)	(89)	(113)	(79)
Rentedekking - EBITDA (aantal keer)		4.0	5.3	5.4	4.1	5.4
Bedryfsverhouding		1.7	2.3	1.7	1.8	1.8
Vuurproefverhouding		1.3	1.6	1.3	1.1	1.1

*Omset uit voortgesette bedrywe gebruik


INKOMSTESTAAT




Totale Inkomste uit Voortgesette Bedrywe (R'm)




Wins voor Belasting (R'm)



Wins na Belasting (R'm)




Wins voor Rente, Belasting, Depresiasie en Amortisasie (R'm) (EBITDA)




BALANSSTAAT



Rentedraende Skuld (R'm)




Eiekapitaalverhouding (%)






BALANSSTAAT (vervolg)

Totale Ekwiteit (R'm)




Hefboomverhouding (%)




KONTANTVLOEISTAAT

Kontant uit Bedrywe Gegenereer vs Netto Kontantvloei (R'm)




EFFEKTIWITEIT EN PRODUKTIWITEIT

Bateomsetsnelheid (keer)




Bedryfswins per Werknemer (R'000)




EFFEKTIWITEIT EN PRODUKTIWITEIT

(vervolg)


Distribusie, Verkoops- en Administratiewe Uitgawes
en Winste as Persentasie van Bruto Wins (%)




Bedryfswinsmarge (%)



Rentedekking (keer)




Verdienste voor Rente en Belasting (EBIT)




AANDEELHOUERS

Aandeelprys: Verhandelingswaarde vs Netto Batewaarde (s/aandeel)



Verdienste per Aandeel vs Genormaliseerde wesensverdienste per Aandeel (sent)




Verhandelingswaarde Netto batewaarde per aandeel

Verdienste per aandeel Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel




AANDEELHOUERS (vervolg)


Dividend (s/aandeel)




Prysverdiensteverhouding (keer)




Waardeskepping en Waardeontsluiting vir Aandeelhouers deur Kapitaal en Dividende (R'm)




Prysboekverhouding (keer)



Opbrengs op Ekwiteit - Openingsekwiteit (%)



Markkapitalisasie - Sluitingsprys (R'm)



GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIEËLE POSISIE

soos op 30 April 2014

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2014 R'm	2013 R'm	2014 R'm	2013 R'm

BATES

Nie-bedryfsbates				
Eiendom, aanleg en toerusting	270	253	210	193
Belegging in filiale	-	-	49	44
Belegging in geassosieerde	2	1	-	-
Belegging in gesamentlike ondernemings	241	114	277	43
Ander finansiële bates	4	3	4	3
Lenings en bedrae ontvangbaar	554	340	554	340
Uitgestelde belastingbate	6	23	1	32
Totale nie-bedryfsbates	1 077	734	1 095	655
Bedryfsbates				
Voorraad*	431	421	350	391
Handels- en ander rekening ontvangbaar*	2 117	1 999	1 999	1 990
Ander lenings ontvangbaar	170	171	541	173
Vooraad gehou onder vaste verkoopsverbintenis*	278	288	255	288
Afgeleide finansiële instrumente*	25	15	1	15
Kontant en korttermyndepositos	30	49	-	33
Belasting ontvangbaar	-	1	-	2
Totale bedryfsbates	3 051	2 944	3 146	2 892
Bates geklassifiseer as gehou-vir-verkoop	-	343	-	305
TOTALE BATES	4 128	4 021	4 241	3 852

EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE

Ekwiteit				
Utgereikte aandelekapitaal	1	1	1	1
Aandelepremie	67	67	67	67
Tesourie-aandele	(121)	(19)	-	-
Reservewes	3	4	2	1
Behoue inkomste	1 672	1 530	1 640	1 385
Eie ekwiteit	1 622	1 583	1 710	1 454
Nie-beherende belang	13	10	-	-
Totale ekwiteit	1 635	1 593	1 710	1 454
Nie-bedryfslaste				
Rentedraende lenings	652	1 000	650	1 000
Langtermynaansporingsbonusse	10	9	10	9
Totale nie-bedryfslaste	662	1 009	660	1 009
Bedryfslaste				
Handels- en ander rekening betaalbaar	423	375	436	341
Rentedraende lenings	1 285	765	1 296	769
Ander lenings betaalbaar	24	17	26	17
Afgeleide finansiële instrumente	72	24	72	24
Belasting betaalbaar	5	-	4	-
Korttermynaansporingsbonusse	19	76	19	76
Oortrokke bank	-	-	15	-
Voorsienings	3	3	3	3
Totale bedryfslaste	1 831	1 260	1 871	1 230
Laste wat direk verband hou met die bates geklassifiseer as gehou-vir-verkoop	-	159	-	159
Totale laste	2 493	2 428	2 531	2 398
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE	4 128	4 021	4 241	3 852

* Daar was herklasifikasie in 2013 slegs in bedryfsbates.

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

vir die jaar geëindig 30 April 2014

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2014 R'm	2013 R'm	2014 R'm	2013 R'm
Dienste gelewer	248	403	253	378
Finansieringsinkomste	203	153	208	158
Inkomste uit bedryfsaktiwiteite	4 067	4 009	4 574	3 800
Inkomste uit kommoditeitsverhandeling	6 958	9 319	6 179	9 355
Inkomste	11 476	13 884	11 214	13 691
Koste van verkope	(10 609)	(12 873)	(10 398)	(12 726)
Bruto wins	867	1 011	816	965
Ander bedryfsinkomste	1	-	105	-
Distribusie-, verkoops- en administratiewe uitgawes en winste	(381)	(556)	(313)	(607)
Bedryfswins	487	455	608	358
Finansieringskoste	(124)	(104)	(120)	(107)
Winsdeel van gesamentlike ondernemings	7	7	-	-
Wins voor belasting uit voortgesette bedrywighede	370	358	488	251
Belasting	(79)	(78)	(86)	(60)
Wins vir die jaar na belasting uit voortgesette bedrywighede	291	280	402	191
Wins na belasting van beëindigende bedrywighede en bedrywighede om oorgedra te word na gesamentlike onderneming	(40)	27	(37)	42
Wins vir die jaar	251	307	365	233
Ander omvattende inkomste klassifiseerbaar na wins en verlies, na belasting	4	3	1	-
Billikewaardeaanpassing van beskikbaar-vir-verkoop finansiële bate	1	-	1	-
Valuta verskil op die omrekening van buitelandse bedrywighede	3	3	-	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar na belasting	255	310	366	233

Wins toeskrybaar aan:

Ekwiteitshouers van die houermaatskappy	248	305	365	233
Nie-beherende belang	3	2	-	-
Totale omvattende inkomste toeskrybaar aan:				
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy	252	308	366	233
Nie-beherende belang	3	2	-	-

Verdienste per aandeel

Basiese en verwaterde verdienste vir die jaar toeskrybaar aan gewone ekwiteitshouers van die houermaatskappy (sent)
Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent)

143,9 168,9

99,0 152,4

DIVIDENDE VIR DIE JAAR

	2014 sent/ aandeel	2013 sent/ aandeel
Dividende per aandeel betaal gedurende die jaar	61	41
Vorige jaar finale dividend	31	15
Spesiale finale dividend	4	-
Interim dividend	26	26
Finale dividend per aandeel voorgestel	22	31
Spesiale dividend per aandeel voorgestel	-	4

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

vir die jaar geëindig 30 April 2014

	Uit-gereikte aandele-kapitaal R'm	Aandele-premie R'm	Tesourie aandele R'm	Verander-ing in eienaarskapskap R'm	Billike waarde aan- passing R'm	Buite- landse valuta om- rekenings reserwe R'm	Behoue inkomste R'm	Nie-beherende belang R'm	Totale ekwiteit R'm
GROEP									
Saldo op 30 April 2012	1	67	-	-	1	-	1 299	8	1 376
Total omvattende inkomste	-	-	-	-	-	-	305	2	310
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	-	305	2	307
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-	3	-	-	3
Dividende	-	-	-	-	-	-	(74)	-	(74)
Tesourie-aandele aangekoop	-	-	(19)	-	-	-	-	-	19
Saldo op 30 April 2013	1	67	(19)	-	1	3	1 530	10	1 593
Total omvattende inkomste	-	-	-	-	1	3	248	3	255
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	-	248	3	251
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	1	3	-	-	4
Tesourie-aandele aangekoop	-	-	(102)	-	-	-	-	-	(102)
Dividende	-	-	-	-	-	-	(106)	-	(106)
Aandele aan nie-beherende aandeelhouers uitgereik	-	-	-	(5)	-	-	-	-	(5)
Saldo op 30 April 2014	1	67	(121)	(5)	2	6	1 672	13	1 635
MAATSKAPPY									
Saldo op 30 April 2012	1	67	-	-	1	-	1 226	-	1 295
Total omvattende inkomste	-	-	-	-	-	-	233	-	233
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	-	233	-	233
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Dividende	-	-	-	-	-	-	(74)	-	(74)
Saldo op 30 April 2013	1	67	-	-	1	-	1 385	-	1 454
Total omvattende inkomste	-	-	-	-	1	-	365	-	366
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	-	365	-	365
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	1	-	-	-	1
Dividende	-	-	-	-	-	-	(110)	-	(110)
Saldo op 30 April 2014	1	67	-	-	2	-	1 640	-	1 710

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEIE

vir die jaar geëindig 30 April 2014

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2014 R' m	2013 R' m	2014 R' m	2013 R' m
Kontant uit bedryfsaktiwiteite	381	490	357	459
Dividende ontvang	2	-	2	-
Finansieringskoste betaal	(124)	(104)	(120)	(107)
Belasting betaal	(46)	(117)	(38)	(109)
Dividende betaal	(106)	(74)	(110)	(74)
Verandering in bedryfskapitaal*	(28)	(544)	226	(539)
Netto kontantvloeい uit/(gebruik deur) bedryfsaktiwiteite	79	(349)	317	(370)
Netto kontantvloeい uit/(gebruik deur) beleggingsaktiwiteite	4	(148)	(365)	(152)
Aankoop van eiendom, aanleg en toerusting	(56)	(72)	(54)	(67)
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	3	3	3	3
Opbrengs met die verkoop van filiale/beskikbaar-vir-verkoop finansiële bate	1	26	1	12
Toename van beleggings in filiale en gesamentlike ondernemings	-	(3)	-	(3)
Netto kontant ontvang met samesmelting van Hinterland	94	-	94	-
Toename in ander lenings ontvangbaar	(38)	(102)	(409)	(97)
Netto kontantvloeい voor finansieringsaktiwiteite	83	(497)	(48)	(522)
Netto kontant (gebruik deur)/uit finansieringsaktiwiteite	(102)	531	-	550
Tesourie-aandele	(102)	(19)	-	-
Toename in rentedraende lenings	-	550	-	550
Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente	(19)	34	(48)	28
Kontant en kontantekwivalente van filiala verkoop	-	(9)	-	-
Kontant en kontantekwivalente - begin van die jaar	49	24	33	5
Kontant en kontantekwivalente - einde van die jaar	30	49	(15)	33

* Senwes se Graanbemarkingsafdeling word bedryf in 'n nuwe entiteit vanaf 1 November 2013. Die verandering in die bedryfskapitaal van hierdie afdeling sal nie meer op Maatskappylak wees nie, maar op Groepsvlak.



AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE

SEGMENTINLIGTING

Vir bestuur- en beheerdoeleindes is die Groep georganiseer in bedryfseenhede op grond van hul produkte, dienste en klante wat uit die volgende vier rapporteerbare segmente bestaan:

Finansiële dienste (Senwes Credit & Certisure Groep)

Toestaan van krediet aan landbouprodusente en graankopers. Senwes Credit verskaf landboudienste aan sy groeiende kliëntebasis. Certisure sluit kommissie ontvang op korttermyn- oes- en lewensversekeringspremies en administrasiefooie in.

Insetverskaffing (Senwes Village & Hinterland Groep)

Verkope by die handelstakke, direkte verkope van boerderyinsette, benodigdhede en verkope van meganisasiegoedere/onderdele.

Marktoegang (Senwes Grainlink, Tradevantage & Bunge Senwes)

Inkomste ontvang vir die hantering en berging van landbouprodukte. Kommissie ontvang vir die bemarking van graan. Inkomste ontvang uit die verkoop van eie graan.

Korporatief

Hoofkantoor dienste, inligtingstegnologie, menslike hulpbronne, eiendomme, vlootbestuur, sekretariaat, regsdienste, korporatiewe bemarking, risikobestuur, interne audit, strategiese ontwikkeling, groepfinansies, tesourie en direkteure.

Belasting word op 'n groepsbasis bestuur en word nie na bedryfsegmente toegedeel nie. Dienste gelewer tussen verwante partye soos getoon in bedryfsegmente is op 'n armlengtebasis in soortgelyke transaksies met derde partye. Bestuur monitor die operasionele resultate van sy sake-eenhede apart vir doeleindes van die neem van besluite oor hulpbronne en prestasie-evaluering. Segmentprestasie is geëvalueer op grond van bedryfswins of verlies en konsekwent gemeet teenoor bedryfswins of verlies in die gekonsolideerde finansiële state.

SEGMENTINKOMSTE EN -RESULTATE

	GROEP			
	2014 R'm	2013 R'm	2014 R'm	2013 R'm
	SEGMENTINKOMSTE		SEGMENTWINS	
Finansiële dienste (<i>Senwes Credit & Certisure Groep</i>)				
Bedryfsaktiwiteite	170	139	95	129
Wins met oordrag van filiaal na gesamentlike onderneming	170	139	95	71
Insetverskaffing (<i>Senwes Village & Hinterland Groep</i>)	-	-	-	58
Bedryfsaktiwiteite	1 552	2 871	226	170
Intragroepverkope	1 581	2 871	80	170
Wins met die samestelling van die kleinhandelsbesigheid	(29)	-	-	-
Marktoegang (<i>Senwes Grainlink & Tradevantage</i>)	-	-	146	-
Bedryfsaktiwiteite	9 889	12 209	85	177
Intragroepverkope	11 478	12 209	85	177
Normale bedryfsaktiwiteite	(1 589)	-	-	-
Korporatiewe koste	11 611	15 219	406	476
Ander bedryfsinkomste	15	35	(75)	(69)
Totale inkomste	11 626	15 254	-	-
Inkomste uit beëindigende bedrywighede	(150)	(1 370)	-	-
Insetverskaffing	(144)	(1 332)	-	-
Marktoegang	(6)	(38)	-	-
Inkomste uit voortgesette bedrywighede	11 476	13 884	-	-
Wins voor belasting uit voortgesette en beëindigende bedrywighede			331	407
Belasting			(80)	(100)
Wins vir die jaar uit voortgesette en beëindigende bedrywighede	251	307	-	-
Verlies/(wins) na belasting uit beëindigende bedrywighede en bedrywighede om oorgedra te word na gesamentlike onderneming			40	(27)
Insetverskaffing			(4)	(56)
Marktoegang			44	29
Wins na belasting uit voortgesette bedrywighede	291	280	-	-

NETTO SEGMENTBATES

	GROEP					
	2014 R'm	2013 R'm	2014 R'm	2013 R'm	2014 R'm	2013 R'm
	BATES		LASTE		NETTO	
Finansiële dienste	2 458	1 956	(1 466)	(1 084)	992	872
Insetverskaffing	694	934	(448)	(695)	246	239
Marktoegang	901	960	(466)	(448)	435	512
Totale bedrywe	4 053	3 850	(2 380)	(2 227)	1 673	1 623
Korporatief	69	136	(113)	(201)	(44)	(65)
Totale segmentele bates / laste voor gehou-vir-verkoop	4 122	3 986	(2 493)	(2 428)	1 629	1 558
Uitgestelde belasting	6	35	-	-	6	35
Totaal	4 128	4 021	(2 493)	(2 428)	1 635	1 593
(Bates) / laste gehou-vir-verkoop	-	(343)	-	159	-	(184)
Totaal	4 128	3 678	(2 493)	(2 269)	1 635	1 409

SEGMENT AANTOONBARE ITEMS

	GROEP					
	2014 R'm	2013 R'm	2014 R'm	2013 R'm	2014 R'm	2013 R'm
	KAPITAAL- BESTEDING		DEPRESIASIE		NIE-KONTANT- TRANSAKSIES*	
Finansiële dienste	2	-	-	-	9	6
Insetverskaffing	4	20	5	8	(2)	11
Marktoegang	36	35	20	15	51	3
Korporatief	14	17	11	11	(10)	4
Totaal	56	72	36	34	48	24

* Nie-kontant items bestaan uit voorsienings wat gemaak is.





KORPORATIEWE INLIGTING

NAVRAE OOR HIERDIE VERSLAG

Corné Kruger (Finansiële Direkteur)
Telefoon: 018 464 7476
E-pos: corne.kruger@senwes.co.za

SENWES BPK

Registrasiemommer: 1997/005336/06

POSADRES

Posbus 31
Klerksdorp
2570

GEREGISTREERDE KANTOOR

1 Charel de Klerk Staat
Klerksdorp
2571
Telefoon: 018 464 7800
Faks: 018 464 2228
E-pos: info@senwes.co.za

ETIEK-HULPLYN

080 464 7800

BELEGGERVERHOUDINGE

Aandag: Die Maatskappysekretaris
Senwes Bpk
Posbus 31
Klerksdorp
2570
Telefoon: 018 464 7104
Faks: 018 464 7121

OUDITEURE

Ernst & Young Ing.
Posbus 2322
Johannesburg
2000

FINANSIERINGVENNOTE

Absa
Nedbank
Rand Merchant Bank
Land Bank